TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

IN HIERDIE UITGAWE

- Francois Eybers† — J. J. Brits.

  Klassisisme, Opvoedkunde en Taalwetenskap — G. J. Labuscagne.

  Stilistiek en Taalwetenskap — F. I. J. van Rensburg.

- Vrede op Aarde — P. J. Schoombie.

  Deur die Venster — Maurice Maeterlinck (vertaal deur C. W. Hudson).

- „Liedere van Salome" — 'n Ontleding deur C. Hattingh.

  Gerhart Hauptmann — W. Hesse.

  Gedigte.

  Boekbespreking.

JAARGANS 6 NOMMER 2

JUNIE 1956

Douvoordag sê ou Witlies 750,000 keer goeie môre!

Ons noem haar Witlies. Sy is gisteraand gemelk en vanmôre het die nodige aantal pinte op die voorstoep gestaan!

Uit die uier in die melkkan . . . in die melkkan na die melkery . . . en dan tot voor u deur. So voorsien ou Witlies daagliks in die behoeftes van 750,000 huisgesinne, versprei oor 472,494 vierkant myl. So lewer die melkboer gereeld sy bydrae tot die welsyn van ons volk. So bewys die Spoorweë dag vir dag dat die taak van laai, vervoer en aflewering in Suid-Afrika op breë skouers rus. En as 'n mens ag slaan op hoeveel tonne en myle dit verg om 'n groeiende volk soos ons s'n te voed, te klee en te huisves, dan besef jy dat ou Witlies se melk maar 'n druppel in 'n baie groot emmer is . . . besef jy presies hoe breed daardie skouers is!



Die Pad van Suid-Afrika • Trein liens — Padvervoerdiens — Lugdiens

VZ001091/D1

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

Kwartaalblad van die
AFRIKAANSE SKRYWERSKRING

•

Redakteur: C. M. VAN DEN HEEVER

•

Letterkundige Adviseurs:
D. F. MALHERBE
H. A. FAGAN
P. C. SCHOONEES
W. A. DE KLERK

Administrasie:
PROFESSOR ABEL COETZEE
Posbus 1176 Johannesburg

Intekengeld: 20/- posvry.

•

JAARGANG 6 NOMMER 2

JUNIE — 1956

NEDERLANDSE
BANK
VAN
SUID-AFRIKA
BEPERK
GEREGISTREERDE
HANDELSBANK

Inhoud

Bladsy

FRANCOIS EYBERS†, J. J. Brits 5

KLASSISISME, OPVOEDKUNDE EN TAALWETENSKAP, G. J. Labuscagne 9

GEDIG, B. le Roux 14

GEDIGTE, S. J. du Toit 15

GEDIGTE, Nel van der Merwe 17

STILISTIEK EN TAALWETENSKAP, F. I. J. van Rensburg 19

GEDIGTE, A. Alberts 29

GEDIG, Vincent van der Westhuizen 32

VREDE OP AARDE, P. J. Schoombie 33

GEDIGTE, Earl Martin 40

GEDIGTE, Kruger van Niekerk 43

DEUR DIE VENSTER, deur Maurice Maeterlinck (vertaal deur C. W. Hudson) 45

GEDIGTE, P. Bekker 55

GEDIGTE, A. J. J. Visser 56

GEDIGTE, N. A. Coetzee 57

„LIEDERE VAN SALOME," 'n Ontleding deur C. Hattingh 59

GERHART HAUPTMANN, W. Hesse 68

GEDIG, D. F. Malherbe 72

BOEKBESPREKING 75

KORRESPONDENSIE 78

Foto's: Francois Eybers

Gerhart Hauptmann

BELANGRIKE NUWE PUBLIKASIES

DIE MENS AGTER DIE BOEK

N. P. VAN WYK LOUW

'n Bibliofiele uitgawe, wat op die digter se vyftigste verjaardag verskyn. Net 300 genommerde eksemplare word gedruk. 'n Praguitgawe wat baie gesog sal word.

31s.3d. posvry

★

BLOM EN BAAIERD

D. J. OPPERMAN

Hierdie digbundel is Opperman se eerste ná sy versdrama PERIANDROS VAN KORINTHE, waarvan die derde druk eersdaags sal verskyn.

15s.9d. posvry.

★

AGTIEN MAN EN 'N MEISIEKIND

W. A. DE KLERK

'n Mooi jeugverhaal met 'n geskiedkundige agtergrond.

10s.9d. posvry.

★

KOBUS

G. H. FRANZ

Hierdie mooi verhaal van Franz het reeds as vervolgverhaal in Die Huisgenoot verskyn.

★

DIE WÊRELD VAN DIE KLEINSTE

J. G. SCHOONENS

'n Uitmuntende boek oor mikrobes, 'n boek wat vir ons die deure tot 'n nuwe wêreld ontsluit. Sal binnekort gereed wees.

★

NASIONALE BOEKHANDEL BEPERK

Posbus 119	Posbus 9898	Posbus 1058	Posbus 95
Parow	Johannesburg	Bloemfontein	Port Elizabeth

François Eybers †

J. J. BRITS

Oor die veld het die Vryheid gekom tot my
om die knelling te breek en my gees te bevry
uit die angs en gestamp van die steedse gety
die tiran wat ons bind in sy kerkers van klei . . .

Vir François Eybers het die laaste uitvlug gekom. Die heengaan van hierdie seun van die Karoo, waarheen hy altyd gehunker het, laat ons met 'n gevoel van diep verlies. Ons wat naby hom gestaan het, het hom leer ken as iemand wat geglo het aan blanke opregtheid in sy vriendskap en in die omgang met sy medemens. In stilte, sonder enige vertoon of grootdoenerigheid, maar inderdaad in nederigheid, het hy sy dagtaak verrig, en juis daarom miskien het daar so 'n groot invloed uitgegaan op almal met wie hy in aanraking gekom het.

Hy was 'n man met wye, aktiewe belangstelling: hy was 'n geesdriftige posseëlversamelaar, stel intens belang in atletiek, boks, stoei, rugby — Europa en die Midde-Ooste het hy 'n paar keer deurreis, by was besonder lief om te toer en hy was nooit gelukkiger as wanneer hy met 'n groep kinders op toer kon gaan nie, maar ek glo tog dat nader aan sy hart sy noukeurig-uitgesoekte boekeversameling gelê het en sy bydrae, in verskillende hoedanighede, tot die Afrikaanse Skrywerskring.

François Eybers se grootste kenmerke is ongetwyfeld sy liefde vir die eenvoud en die kind. In sy eie werk is dit die heldere en juiste maar altyd die eenvoudige woord wat hy verkies het bo enige ander. En alhoewel hy hulle kon begryp, kon hy nooit entoesiasties word oor die jongste rigtings en sogenaamde duisterheid van die moderne digkuns nie. Vir hom was kuns nie dit wat slegs deur 'n paar begenadigdes geniet kon word nie, maar wel dit wat tot die gemiddelde mens gespreek het. Vir ons eie digters tot omstreeks die jare veertig, het hy groot respek en liefde gekoester; Shakespeare, Tennyson, Keats, Shelley, Vondel, Perk en die klassieke waaruit hy heelwat vertalings gemaak het, het 'n besondere plek by hom ingeneem.

Hy was 'n groot denker, maar die lewe was nie vir hom gekompliseerd nie. Vir hom was dit 'n duidelike, afgebaande weg, 'n eenvoudige pad waar 'n onwrikbare geloof in 'n

Bestierende Hand ten alle tye sy rigsnoer was. En daarom kon hy opgeruimd en moedig die terugslae verdra.

Dan sy liefde vir die kind. Dit was so groot dat hy eenmaal sy beroep vaarwel gesê het om hom voltyds aan die redaksie van 'n jeugblad te kon wy, waardeur hy gemeen het om groter diens te verrig deur groter getalle kinders te bereik met inspirerende leesstof. Dat die onderneming gestaak moes word, was te wyte aan faktore waaroor hy geen beheer gehad het nie. Maar tot die einde toe bly die kind vir hom die simbool van onskuldige reinheid. Daarom kon hy sing:

> want my gees vaar vanaand op die maat van die wind
> en my hart is gestem soos die hart van 'n kind . . .

As een wat sy hele lewe gewy het aan die opvoeding van die kind, het hy geleer om die kindersiel te peil, dit te waardeer en ook die geestesbehoeftes vas te stel veral in hierdie tyd van soveel ontwrigting en ontstemmende invloede op die jeug. Op sy eie beskeie manier het hy sy bydraes gebring vir die geestesvoedsel vir die kinders van sy volk. Hy het hom toegelê daarop om vir hulle verhale te skrywe, dink maar aan *Ons Voëltjies en Diertjies, Gediggies vir Wiggies met sonskyn Gesiggies, Linus en Lila van Karoland,* en vir die groteres: *Uit die Land van Homeros, die Operas van Wagner, Deur Seerowers Ontvoer* en soveel ander. Daarby kom nog al die vertalings waaronder *Die Kleine Maja* en *Die Hemelvolk* van Bonsels, *Heidi, Met Piet Nieuwenhuizen in Oos-Afrika* en *Swerwers sonder Doel.*

Ongepubliseerd is daar tussen sy manuskripte *Enoch Arden* van Tennyson, in versmaat, en etlike van *Lamb's Tales from Shakespeare.*

Die vertalings kon deur die suiwer aanvoeling en deur die eenvoudige, heldere woord, net so goed die oorspronklike werk gewees het. Hy het 'n liefde vir die opbou van 'n eie biblioteek gehad en veel daarmee verrig in die kring waarin hy beweeg het. Die goeie boek se bevordering was vir hom 'n hartstog.

Naas sy liefde vir die kind is daar sy liefde vir die natuur in al sy skakeringe. Reeds as kind het hy die natuur liefgekry soos hy dan ook getuig in die opdrag aan sy moeder in *Linus en Lila van Karoland:*

„Sy het my geleer om die Veldvolkies beter te ken en lief te kry en my lewe as skaapwagterseun te geniet, sodat ek in daardie dae kon getuig: ‚Die lewe is mooi'...”

Ook in sy rypere werke is sy liefde vir die natuur oorwegend, maar dis 'n natuur waarin hy, as diep gelowige, sy Skepper gedurig en onafskeidbaar vind:

Wanneer ek spraakloos in aanbidding staan
en let op al u wonderwerke, Heer, :
die hemeltrans, die wind en donderweer,
hoe jaargetye wiss'lend kom en gaan
wyl wêreldstelsels wentel op hul baan...

So skrywe hy ook in *Op die Berg by Gordonsbaai:*

Ek ken en min die skoonheid van my land
waar tjienkerietjies en heideblomme pryk
die suikerbos en sewejaartjies tier...

En op 'n ander plek dank hy sy Skepper
...vir die geur van 'n blom
en die sterlig daarbo, en die stilte alom.

In sy gedigte gebruik hy later veral net die sonnetvorm waarin hy hom kragtiger kan uitdruk, groter volheid en skoonheid vind. Dit is sy *Sonnet aan die Sonnet:*

'n Koepeldak waar sonlig goudglans toor!
Agt slanke pylers hoog en marmerblank,
waarom die blomfestoene slingerrank,
is tempelbou wat digtersgees bekoor
in koele rus en stilte ongestoor
kan kunst'naarsiel sy lied van lof en dank
deur hemelruimtes hier met klare klank

laat galm soos hoër hallelujakoor.
Ses outers, waar die wierookwolk opstyg
as Dante se gees, Petrarca se gees omsweef,
word nou deur Mars- en Mammonsang bedreig
en waar die digtersange eens kon leef
as offer aan die Muse skoon, daar swyg
die geeste nou wat Skoonheid na wil streef.

Ons treur oor François Eybers. Sy vriendskap was warm en sy gesindheid sag soos die glans in sy bruin oë. Ons sal hom mis, maar ons sal hom altyd in dankbare herinnering hou vir sy onvervalste opregtheid wanneer hy, op watter manier en waarvoor ookal, sy deeltjie bygedra het.

Daar in sy huis het ek bietjie besluiteloos deur die netjiesgebinde manuskripte geblaai en gewonder watter gedig sy keuse sou wees as hy kon kies. Ek het geweet dat sy begeerte was dat as die sonnette eendag mag gebundel word, die titel *'n Handvol Koring* moes wees, die opskrif van een van sy sonnette:

> 'n Handvol koringsaad, ver hiervandaan
> op velde uitgestrooi van Esdraelon,
> sal ruis soos seders van die Lebanon;
> maar eers moet elke korrel sterf — vergaan
> soos stoppelkaf op dorsvloer uitgeslaan...

Maar ek het geweet dit sou nie hierdie gedig wees nie. En toe, heel bo op die ouere bundel het ek dit gesien. Die aanhef was nie net die woorde van 'n jong, lewenskragtige nie, maar dié van elke mens, jonk of oud — maar François Eybers het berusting gevind en lig gesien toe hy hierdie woorde in die gedig *Heengegaan* geskrywe het:

> ...en ek gaan teen my sin
> in die dodehuis in...
> maar tot dan wil ek doen en my naaste dien
> en net hoop op die dag van ons wedersien.

Klassisisme, Opvoedkunde en Taalwetenskap

G. J. LABUSCAGNE

I.

INLEIDING

Met hierdie opstel oor die *klassisisme* wil ek 'n paar dinge bereik, t.w. (a) om aan die bewonderaars en kenners van die klassieke, en ek sluit my in by die bewonderaars, te toon dat daar in die taalwetenskap geen vyandigheid teenoor die klassieke bestaan nie, maar dat die taalwetenskap slegs besig is om sy outonomie te bepaal. Hy kan dit nog nie handhaaf nie, want hy is tans nog te veel 'n sameklontering van alles en wat. Hy is nog te veel 'n aanhangsel van ander wetenskappe, bv. die fisika en die fisiologie (fonetiek), die sielkunde, die logika, die sosiologie, die geskiedenis en die letterkunde. Hy is nog nie homself nie. Van die ander kant gesien „we are studying the *disiecta membra* of language, which do not permit us to grasp the totality that language is" (Louis Hjelmslev). Al bewonder ons die klassieke om sigself, kan ons liefde vir hom ons nie blind maak vir sy negatiewe invloed (klassisisme) op bv. die taalwetenskap nie. Op dieselfde wyse verag ons nie Engels nie, maar ons het veel te sê teen die anglisisme. As ons dan die anglisisme beveg, wil dit nie sê dat ons beweer dat Shakespeare 'n swak kunstenaar was nie en dat ons geen baat by die studie van sy werke sal vind nie. Daar is dus 'n groot verskil tussen Engels en die Anglisisme, die klassieke en die klassisisme, die psigologie en die psigologisme, die geskiedenis en die historisisme, die letterkunde en die literarisme. Hierdie -ismes stel vir ons doel altyd die *ongeoorloofde* voor. 'n Psigologiese diagnose van klassikus is egter dat hy al 'n oormaat van fyngevoeligheid ontwikkel het oor sy klassisistiese dade — noem dit maar 'n skuldgevoel, want hy is hoegenaamd nie vry te spreek van 'n grootskaalse „ondermyning" van die taalwetenskap nie en dan noem ons name soos Aristoteles, die skrywers van die Twespraack, Te Winkel, D'Alembert, die vaders van die „grammaire raisonnée", Moonen, Huydecoper,

Siegenbeek, Matthijs de Vries, Jan Frans Willems, Ben Jonson, John Lyle, Pecock, Schleicher, Max Müller en ons eie grammatici.

En dit bring ons by my tweede doelstelling, t.w. (b) dat ons opvoedkundiges tot die besef moet kom dat 'n blink gevryfde taalopvoedkundige metodiek waardeloos is as ons nie iets het waarvoor ons die metodiek kan gebruik nie. 'n Blink lepel sonder die medisyne maak geen sieke gesond nie. Oor die taak van die taalopvoedkundige metodiek en dié van die taalwetenskap berei ek 'n afsonderlike opstel voor, maar hier kan ek darem beweer dat die taalwetenskap die opvoedkunde nog nie eers 15 persent gegee het van wat hy in daardie lepel moet plaas nie. Die tekortkominge van ons moedertaalonderwys is dus primêr 'n taalwetenskaplike probleem (die taalwetenskap het versuim om die opvoedkunde sy materiaal vir 'n metodiek te gee) en in 'n geringe mate *sekondêr* 'n opvoedkundige probleem. Die derde doelstelling, t.w. (c) is dan om aan te toon dat die klassisisme in die pad staan van die ontwikkeling van suiwer taalwetenskaplike ondersoekmetodes en -doelstellings. Dit belemmer self die opvoedkundige metodiek veral as ons hom in sy uiterste vorm raakloop as hy sê: die beste metode om Afrikaans te leer, is om eers Latyn te leer.

Daar is verskeie vorme van die klassisisme, t.w. (1) die neiging om Latyn as die hoogste vorm van taalontwikkeling voor te stel, (2) die neiging om in die moedertaal te behou wat 'n Latynse afkoms verraai (fleksievorme by ander tale en ons eie vaktaalskeppinge), (3) die neiging om die moedertaal na die Latynse model te vervorm al beantwoord dit nie (meer) nie (ons praat nie nou net van Afrikaans nie), (4) die neiging van die grammatikus om hom op Latyn te beroep wanneer hy oor grammatiese onderskeidings moet besluit (bv. of 'n werkwoord 'n hulpwerkwoord of 'n koppelwerkwoord is), (5) die neiging om die moedertaal se sintaksis na die model van Latyn te kry (vgl. Pecock se aandeel), (6) die neiging om in die moedertaal 'n Latynse styl na te volg, (7) die klassisistiese skryftaalbegrip dat taal letters is wat uitgespreek moet word, (8) die opvatting dat die skryftaal en die spreektaal twee aparte tale is sodat die skryftaal 'n eie grammatika kan ontwikkel (die Hoërskool / Helpmekaar / ondersewentienrugbyspan omdat ons nie wil skryf die Helpmekaar / hoërskool / onder / sewentien / rugbyspan nie en voeg hier by 'n groepering soos 'n 250/volt 100/watt/helder/Phillips/gloei/lamp) waarvoor die skryftaal terug deins, (8) die neiging om die kennis van Latyn te beskou as 'n voor-

vereiste vir die kennis van Afrikaans, ens. Ek glo nie dat ek 'n kwart opgenoem het nie. In plaas van om hierdie vorme van klassisisme onder hulle hoofde te bespreek, wil ek hulle saamvat en verdeel onder twee hoofde wat ek soos volg wil verantwoord:

As ons nou nie gaan let op fyner besonderhede nie, kan ons sê dat Latyn tot by die Renaissance die wêreldtaal was. Die Latiniste het geen belangstelling getoon in „barbaarse" moedertale nie en alleen belang gestel in 'n regstreekse kennis van Latyn. Dit was al een vorm van klassisisme. Met die Renaissance raak die geleerde byna teen hulle sin, egter ook in die moedertaal geïnteresseerd, maar, klassisisties in merg en been, gaan bewerk hulle hom na die model van Grieks en Latyn (en daarmee bring hulle die logisisme saam), en daar het ons die tweede vorm van klassisisme met vele vertakkings wat ook deurloop tot in 1956. Die moedertaal is sedertdien nooit verwaarloos nie, maar hy is ook nie bevry van die klassisisme (en die logisisme) nie, want die stroming wat hom kon red, nl. die histories-vergelykende taalbeskouing was nie in die moedertaal en in taal geïnteresseerd nie. Cassirer sê tereg „all the great achievements of linguistics (in the nineteenth century) came from scholars whose historical interests prevailed to such a degree as almost to preclude any other tendency of thought". Daar was dus nie plek vir die taaldenke wat die klassisisme moes beveg nie. Dit sou eers met De Saussure kom.

As ons bogenoemde twee verteenwoordigers van die klassisisme bymekaar gooi, haal ons vir die moedertaal en vir taal as sodanig die twee nuwe verteenwoordigers uit wat ek wil gebruik as hoofindelingsprinsipes, t.w. (a) die klassisisme wat gebaseer is op 'n regstreekse kennis van bv. Latyn, en (b) die klassisisme wat gebaseer is op 'n *onregstreekse* kennis van Latyn. Die eerste vorm is makliker te identifiseer want daar word verwag dat ons 'n regstreekse kennis van Latyn moet hê. Vgl. die argument: ken Latyn om Afrikaans te kan ken.

Toe Latyn sy sentrale posisie as lewende taal kwytraak, as wêreldtaal, het hy, as ons beeldspraak kan gebruik, van gedaante verander en hom voorgedoen as die redder van die (kennis van die) moedertaal — dit word ons gegee deur die eeu-oue opvoedkundige standpunt dat die moedertaal slegs geken kan word as ons ook Latyn ken. Die hoofartikel van *Die Transvaler* van 16 Julie 1955 bevestig dit weer eens: „. . . ongelukkig is dit juis dié vakke (Latyn en Duits) wat dien om die geestesblik van die kind te verruim

...'n Studie van Latyn bly nog steeds een van die beste maniere om 'n kind te leer hoe om hom behoorlik uit te druk. Die swak wyse waarop so baie Afrikaners hulle moedertaal beheers, moet o.a. ook toegeskryf word aan die feit dat hulle nie Latyn geleer het nie". Die tweede verteenwoordiger is ons huidige (logisisties-) klassisistiese grammatikastelsel en ons algemene wyse van hantering van die probleme van die moedertaal en ons insig in taal. Hier kry ons te doen met ons woordsoortstelsel, die sinsontleding (omdat Latyn so benader is), 'n klassisistiese skryftaalbegrip soos bv. daar staan mos 'n letter *d* in *perde* daarom moet ons hom uitspreek, m.a.w. taal is letters wat uitgespreek moet word, al het *vermogen* ten spyte van die letter *g* op papier *vermoë* geword, en Afrikaans Afrikaans al het ons toe nog Nederlands geskryf.

Daar bestaan bepaalde redes waarom ek die tweede nuwe verteenwoordiger noem die een wat gebaseer is op 'n *onregstreekse* kennis van Latyn al het dit ook uit die heel eerste een ontwikkel. Daarmee moet ons ook die gevaar beklemtoon wat dit vir ons inhou, nl. dat die navolgers daarvan tans soms nie meer weet wat hulle navolg nie. Toe hierdie vorm van klassisisme ontstaan het, d.w.s. toe bv. Nederlands vir die eerste keer „nae de model der Grieken en de Latijnen beschreeven is", is Van der Heule en diegene wel deeglik aangespoor deur hulle regstreekse kennis van Latyn, maar algaande het die aanhangers daarvan minder bewus geword van die invloed van die regstreekse kennis totdat ons vandag navolgers het wat nie meer weet wanneer hulle klassisisties of andersins te werk gaan nie en as hulle sodanig te werk gaan, weet hulle nie meer waarom nie, gevolglik word die klassisisme met die klassisisme uitgeroei en daarom word niks uitgeroei nie. Dieselfde kan gesê word van die logisme en die logisisme. Ek dink veral aan die verskeie oplossings wat ons aangebied word vir die aanmekaarskryf van woorde. As ons *hoëpriester* één woord skryf omdat X daar is (eenheidsintonasie, eenheidsbegrip of wat ook al), maar ons skryf *hoë kommissaris* twee woorde ten spyte van die X, dan het ons te doen met ons klassisistiese skryftaalbegrip, nl. dat die geskrewe taal maar 'n eie grammatika en 'n ander grammatika kan hê as die spreektaal. Neem ook die gebruik van die hoofletter. Ons praat nie met behulp van hoofletters nie en *God* klink in die spreektaal nie oneerbiedig sonder hoofletters nie maar op papier moet dit 'n ekstralinguale saak soos eerbied afbeeld. Al bestaan daar geen enkele taalargument ten gunste van die hoofletter nie

(want hy beeld niks van die spreektaal af nie) en al trek ons teoreties te velde teen bv. die paradigmatiese aard van ons klassisistiese grammatikastelsel en die feit dat die mense nie wil sê *pêre* nie, want dit sal die skryftaalvorm met 'n *d* seermaak, gee ons praktiese leiding oor die gebruik van die klassisistiese hoofletter.

Uit wat dusver gesê is, moet die klassikus kan aflei dat die bestryding van die klassisisme nie beteken 'n verdoeming van die klassieke nie. As mens sir Richard Livingstone se *The Spirit of Greece* en die bundel opstelle *The Legacy of Greece* lees, sien mens die noodsaaklikheid van 'n kennis van die gees van die Griekse en Romeinse beskawing en watter bydrae dit kan lewer tot ons huidige probleme en denke en kultuur. Dit is dus noodsaaklik dat daardie denke telkens opnuut geïnterpreteer moet word, maar ons het nie net mense nodig om dit vir ons te interpreteer nie, ons moet self in staat wees om dit te interpreteer en te versprei.

Voorts is 'n vertaling nooit dieselfde as die oorspronklike nie. As mens regstreeks te doen kry met die oorspronklike lewer dit die iets buitengewoons wat slegs verkry kan word deur 'n intieme waardering van die oorspronklike. Maar dit wil nie sê dat hierdie buitengewone ervaring verhewe is bo ander ervarings nie, bv. wanneer ons Shelley of Shakespeare of Totius lees nie. Hier moet ons egter ook met indiwiduele verskille rekening hou, want vir sommige persone verskaf die klassieke die beste en die rykste intellektuele lewe, terwyl ander daardie genot weer put uit 'n studie van bv. Einstein. Aan die ander kant kan daar ander rykdomme verlore gaan vir diegene wat net uit die klassieke put. Sir William Beveridge sê in *The Listener* van Januarie 1935 met die woorde van Valentine „that even one capable of appreciating keen classical studies, and who carries them to an advanced stage, may lose more than he gains by such specialization at school and university".

Voorts is daar nog die hulp wat kennis van die klassieke tale kan bied by 'n *gevorderde* studie in die taalwetenskap. Hier dink mens aan die histories-vergelykende taalbeskouing, maar ons sal nog insien dat die klassisisme in die pad kom staan het van die moedertaalonderwys op skool en die identifiseer van die wetmatighede van die moedertaal self (sy huidige stand), nie van sy historiese verloop nie.

As dit gaan om die studie van *die klassieke om die klassieke* of om die studie van die klassieke ter wille van *waardes* wat uniek is aan die klassieke, moet mens simpatiek staan teenoor die klassieke, maar soos ek reeds gesê

het, is ons hier nie geïnteresseerd in die *klassieke* nie, maar in die *klassisisme* (die ongeoorloofde aspek van die saak).

Uit die voorgaande bespreking, kom ons dan by die twee hoofde waaronder ek die klassisisme wil bespreek, t.w. (a) die klassisisme wat gebaseer is op 'n *regstreekse* kennis van Latyn, en (b) die klassisisme wat gebaseer is op 'n *onregstreekse* kennis van Latyn. Daarbenewens sal ons die klassisisme sien teen die agtergrond van 'n lewende taal en van taal as sodanig. Met lewende taal sal ons hier bedoel die besondere taal van (a) 'n nog lewende taalgemeenskap soos hulle dit kommunikatief gebruik, of (b) 'n nié meer lewende taalgemeenskap soos hulle dit kommunikatief gebruik het. Met ander woorde, die klem sal dus nie val op die historiese verloop van taalverskynsels nie, want die beswaar is nie dat ons nie die geskiedenis van ons taal kan ken nie, maar wel dat ons die huidige Afrikaans maar nie onder die knie kan kry nie.

(Word vervolg)

B. le Roux

OP OUJAARSAAND

Beaufort-Wes

Beaufort-Wes se pronkerige klonkie,
jy's vanaand kopspelerig
met jou splinternuwe trompie.
Dis rondomtalie, dwarrelswaai;
met jou koddige kaperjolle
wil jy die oujaar nek omdraai.

Sie, kyk vir daardie gomtor-passie!
Die aitserige rokkie lag,
met haar potsierlike kalbassie.
Vanaand skoffel jy en sy liggies
tussen Hope en Kuilspoort
se effens wipperige poppies.

Geswael gaan jy en sy mos lekker jol:
jive, rhumba en die square.
Sal niemand met jou bokkie lol?
Kom, kom skuil daar geen verdriet
onder daardie kakiehemp?
Dan's alle bog verniet.

Jy sal môre as die hane kraai,
jou trompie en jou poppie mis;
die blouoog van die Oujaar maai.

S. J. du Toit

KLEIN KINDJIE

Klein kindjie, in jou jare toegevou,
soos blare in 'n blomknop wat ontsluit
en kleur tot woordjies uit jou mondjie uit,
klein spieder op wat eens die dag sal hou,

'n Brand, 'n braambos waar geen vonk verflou,
'n vuur wat deur die lewenstakke fluit,
'n drang met al die eeue as jou buit,
klein kindjie, voor die toekomspoorte nou,

Hoe wyd sal sprei die paaie van die pad
en hard, die stene wat die aarde klee,
die weg wat jou klein voetjies nog moet tree,
jy, kindjie, wat vandag die rooidag vat —

totdat die dae doodloop en jou nag
die dag word van nog weer 'n voorgeslag?

DIE PAN

As al my drome en die heugenis
van duisend klein gebeure eens verstil
sal wees, en al die strewe wat ek wil
soos ongedaan, soos nooit gebore is,

As naam en faam reeds ieder aansien mis,
'n snaar is waar geen lied of klank uit tril,
tot nooit gebeurde stom gebeurtenis verkil,
en soos wat nooit eens was vir immer is,

dan sal nog kraanvoëls oor jou breedtes dans,
en skadu's jaag tot waar jou renbaan end,
Koel reëns duister en wit sterre glans,
en sal jou beeld, wat uur nog eeu kan skend,
deur al die tye heen nog wees soos tans:
my immer weer ontdekte monument.

ONS BOU 'N BRUG

Die dae kuier deur die lange jaar,
betas die wande van die Ewigheid,
wat, soos 'n skuur oor die heelal verbreid,
van al wat was en is nooit iets vergaar,

Maar blind en onbewus vir immer baar
tot eindelose miriadestryd
'n vormewêreld wat soos mis verklaar
waar trap die altyd weer ontsnelde Tyd.

Ons gooi ons ankers. Ons is skepe wat
in hawes van ons denke dobberend skuil;
ons berg ons lading, 'n blink dromeskat,
al bly onstuimig die sirokko's huil.
Ons bou 'n brug, 'n reënboog oor die kuil
van chaos na 'n onbekende stad.

SIMBOOL

'n Paal, swarthaak, blou in die songeel dag,
waaroor gegly van lig en wind en weer
Die tyd se tred op pêrelgrys arseer
en druk van jare onder daedrag —

'n paal, eenpalig in die lang ry mag-
dom pale in die honger grond geteer,
met niks geen las van sap en bloeisel meer,
net draer nou van blink beskawingsvrag!

So sterf tot wit ivoor die olifant,
in dooie skulpe ruis 'n oseaan;
uit dieptes waar nooit skyn óf son óf maan,
Glans weer ou woude in 'n diamant,
en helde in die jarepuin vergaan,
word tot simbool van heel 'n volk en land.

AAN MOEDER

Die Skepping bly 'n onvolvoerde werk,
Die kunstenaar voltooi dit heg en sterk.

Haar oë het dié kranse eens aanskou
en al die rond gepakte rante hier;
haar dag was vol van lig en vol safier
en duisendvol van hoop die toekomsblou;

en in haar kindsherinnering ingebou
sou dit 'n lewensagtergrond versier;
in altyd jong verhale sou dit vier
'n fees van glans waarin geen vonk verflou.

Gesê is nou die onvolsegde al,
verklink die klanke van haar towerwoord,
herskep wat eens die Skepper moes laat val,
die stad se rykbeplande muur en poort,

Aan Hom wat nooit sy bouplan ooit vergeet,
is afgelewer nou die werk kompleet.

FRANCOIS EYBERS

J. Nel van der Merwe

I

SY WATERS

Die eerste wier het warm in my gemeer,
en Pidon om Hawila het ek gevul;
die bruisende angs om die Ark het in my gekeer:
die mens gelig tot kruin van Ararat.

En piramied na piramied het eers oor my gegaan;
die harde jare het deur my geskip.
Die maan van die Faro's het vol bo my gestaan,
toe Moses veilig in my skoot kon wieg.

Vir Israel het ek 'n pad gemaak;
in d'Jordaan het ek die rotsbank uitgehol
van mag, geroer toe ek Sy lendene naak
in my kon voel: die hemele het oopgegaan,

die duif het bo my neergedaal.
Net Hy kon ooit my storms stil,
my vis vermeerder; vir Sy laaste middagmaal
het nette van Tibérius my leeggemaak.

II

SY LIG

As ons uit hierdie grot uitstyg,
om met U in U lig te leef,
om in U waters, ster op ster te ryg
tot snoere van U kieselsteen,

waar son na son in seë kring,
en ysveld bo die mane skyn,
die stemme van U engele sing:
„die aarde het verbygegaan . . ."

en Lucifer onder sneeu verwaai,
maar die reënboog om U troon bly glans
as sewe fakkels rooi oplaai
om die vlammeboek van die Heilige Lam,

en sewe oë lees die gerig,
terwyl die storme deur basuine dreun,
— dan sal die engele hul tot U rig:
„O Heer, U was en is en bly,

maar die aarde het verbygegaan . . ."
In waters, sneeu, wolk en wind,
versink die laaste son en maan,
maar met U styg ons in U lig.

III

SY AARDE

Om die Heuwel lê die aarde en kwyn . . .
'n Saaier het al lankal uitgegaan,
die sekel buig al om die laaste aar,
die druif en kuip, die kluit en skaar,
die kruis se balke onder die saag,

— ook hierdie dinge ken die pyn.

Die ploeg lê moeg in die laaste voor;
die krip, die esel, die sterre swyg.
Ek sien uit die aarde drie skadu's styg:
drie kruise donker teen die laaste ster.
Die uur, die jare, die eeue wag;
op dorings van bome bloei die dag.
Hulle meng die mirre en die wyn,
ek hoor die vroue veraf ween,
— Sy hoof sak neer maar Sy wonde seën, —
ek sien hulle skadu's na die aarde buig,

— gemaal word die mens deur die steen van pyn.

Hy kon die brode vermenigvuldig,
die hongeriges voed; die see, die wind
het Hom gehoorsaam, maar as kind
het reeds in Hom sy kruis gerank.
'n Soldaat laat sy spies oor die eeue flits,
— 'n soldaat se lewe is die dood, —
hul breek Sy liggaam, breek die brood,
. . . oor die jare, stort die wyn.

Stilistiek en Taalwetenskap

F. I. J. VAN RENSBURG

In sy stuk *Taalwetenskap en Pseudotaalwetenskap* (T.v.L., Des. 1955) sowel as in sy repliek op die verweer van mej. De Vries ontsê dr. Labuschagne aan die stilistiek („die sg. Amsterdamse stilistiek", sê hy, en is daarmee noodwendig inklusief) die reg op taalwetenskaplike aanspraak. Ek is dit in verskillende opsigte met sy artikel eens, maar oor hierdie punt moet ek verskil.

Ek wil nl. beweer dat die stilistiek in hoë mate ter sake is t.a.v. taalondersoek. En ek wil ook beweer dat die taalkundige (sonder dat ek daarmee noodwendig inklusief is) tot sy teëwerping kon kom op grond van 'n fundamentele tekort in sy werkprogram tot op datum; sodat 'n motivering van e.g. stelling intiem verknoop is met die blootlê van hierdie tekort. Die taalkunde se kritiek op die stilistiek kry sy regte perspektief met dat die vinger op sy eie wond gelê is.

1.

'n Aantal voor-moeilikhede duik voor 'n mens op as jy 'n onderwerp van hierdie aard wil bespreek. Daar is bv. 'n terminologiese. As 'n stilistikus beweer: „Die letterkunde sal daartoe moet kom om linguïstiese verantwoording vir sy uitsprake af te lê," dan is die taalkundige dadelik gereed om wal te gooi: „Linguïstiese verantwoording? Aikona, dit kan jý nie doen nie; dan is jy op mý terrein, want met ‚linguïsties' het jy dit oor my bedryf: die linguïstiek of taalkunde," terwyl die stilistikus alleen maar opgesaal gesit het met die moeilikheid dat daar nie eintlik 'n ander woord as „linguïsties" is om „dit wat betrekking het op die taaltoedrag" te benoem nie. Hy het dus maar net bedoel: die letterkunde sal hom „taal-lik" moet verantwoord as hy verantwoord wil wees. Hoe immers wil 'n verantwoordelike literatuurkunde oor „linguïstiese verantwoording" swyg en hoe kan hy ten aansien daarvan hokgeslaan word — die hele literêre werk is dan 'n taalkunswerk, alles is in taal gestruktureer?

'n Ander moeilikheid hang met voorgaande saam: die sterk terrein-gefikseerdheid van die tradisionele vakwetenskappe. Ten spyte van heelwat wisseling in *metode* in die

loop van die tyd, handhaaf elke vakwetenskap 'n harde kern van tradisie t.o.v. sy grenslyne: hy het hiérdie stuk van die terrein vir hom afgebaken, en by dié historiese keuse bly hy. „Grens-korreksies" sku hy — al sou dié „bakenverskuiwing" ook alleen maar kon beteken dat verwaarloosde gebiede wat heeltemal bínne sy terrein lê, vir ontginning bepleit word. Elke vakwetenskap behoort 'n gedurige bereidheid tot „grenskorreksie" te hê — verskansingswoede kan hom alleen maar skade berokken. Die voortlopende „loutering" van elke wetenskap hoef nie noodwendig net in 'n toenemende versuiwering van *metode* te lê nie, maar kan ook in hierdie presisering van terrein geleë wees. Die verskyning van 'n nuwe dissipline (soos bv. die stilistiek) mag 'n gunstige geleentheid wees vir bestaande dissiplines wat grenskontak met hom het om opnuut 'n voorraadopname van hul taak en omvang te maak, om hulle soos vir die eerste keer t.o.v. hul grenslyne te verantwoord. Alleen met hierdie bereidheid sou ons miskien uiteindelik daarby kon uitkom dat die grenslyne van die vakwetenskappe saamval met die struktuurnate van die werklikheid.

Die taalkunde sal dan ook goed doen om hom opnuut, in die lig van die aansprake en werkprogram van die stilistiek, te besin op wat hy doen en die manier waarop hy dit doen. En 'n vrugbare wegspringpunt sou kon wees 'n verantwoorwoording t.o.v. 'n kritiekpunt wat die stilistiek vanuit sy ervaring sou kon inbring: *Die tradisionele taalkunde bestudeer 'n „halwe" taal.* Ek wil dit in twee opsigte probeer illustreer.

(i)

Die taalkunde bestudeer 'n „halwe" taal omdat hy nie volle erns maak met sy verklaarde doelstelling om „die taal in *gebruik" te bestudeer* nie. Sy taal*gebruik*studie is sy Achilleshiel, in so ver dit nie sy afwesige helfte is nie. Omdat hy nie taal-in-*gebruik* bestudeer nie, werk hy met 'n strafpunt téén hom in sy poging om al die verskynsels en faktore wat in taal sentreer, te agterhaal, maar veral: wat betref sy sistematisering van die presiese *wyse* waarop hierdie faktore in samespel verkeer in die taal. Hierdie mankement t.a.v. taalgebruikstudie is verantwoordelik vir baie ander dinge. So bv. sy atomisme. Hy het 'n groot voorliefde vir die bestudering van die *woord.* Die feit dat die woord „die grondslag van taal en taalgebruik" is, gee aan baie taalkundiges blykbaar die sanksie om vir *taal-*

studie te volstaan met 'n *woordstudie*. Die studie van die woord word van 'n groot verskeidenheid hoeke en kante bestudeer, en vrúgbaar bestudeer. Maar die studie van *konteks* en alles wat daarin sentreer, ly in hierdie woordliefde onmiskenbaar skade. Die verste wat die taalkundige die enkelwoord gewoonlik verlaat, is die enkel*sin*, verder nie. Die kontekslose sin, naas die woord, is vir hom die taalstudie-eenheid by uitnemendheid.

Hierteenoor moet ons stel dat die studie van die kontekstuele eenheid wat die sin is, nog nie volstaan vir volle taalgebruikstudie of vir die gehele verskynsel van taalkonteks nie. Die taalkundige se welbekende voorliefde vir die kontekslose voorbeeldsin bring 'n verwaarlosing mee van die beskouing van die grotere gehele waarin die sin in aktuele taalgebruik gewoonlik vassit: in die taalgebruik*situasie*, of dit noual, sê, 'n gespreksituasie of 'n gedig is. Sodoende kan hy moeilik die gehele struktuur van taalgebruik blootlê omdat die volle konteks van 'n aktuele taalgebruiksituasie vir hom so goed as geslote terrein is.

As hy dan ook sê *taalstruktuur*, dan bedoel hy eintlik: die struktuur van die *woord*, nie die struktuur van die gehele konteks nie. En as hy sê: „Die *steen* het 'n geologiese struktuur, maar nie die *kraalmuur* nie," dan is dit maar net 'n bééldende spesifikasie van hierdie woord-taalbeeld van hom, en onderstreep hy daarmee die beperktheid van sy struktuur-begrip wat aan die gestruktureerde geheel wat tot stand gekom het op die struktuurmomente van woord, woordgroep en sin, nl. die kunswerk, strukturele aanspraak wil ontsê, sowel as aan die ondersoeksdissipline van daardie kunswerk, nl. die stilistiek. (Dr. Labuschagne gebruik 'n *ruimtelike* beeld om hierdie *taal*toedrag te verduidelik — steen, kraalmuur-; om dan maar by die ruimtelikheid te bly: by 'n man soos Henry Moore sou hy kon sien hoe „die struktuur van die materiaal" soms wáárlik „die struktuur van die werk" kan wees). En as hy uiteindelik sê: „'n Gedig is nie 'n stuk taalmateriaal nie" (daargelate die formulering), dan is dit hierdie woordatomisme van nóg 'n ander hoek belig.

As 'n mens immers beweer, soos dr. L. doen: „Die *taal* is deur en deur gestruktureer," dan moet jy mos daarmee in concreto ook bedoel: „'n *Gedig* is deur en deur gestruktureer," nie waar, want 'n gedig is 'n konkrete geval van taalgebruik, is taal-in-actu? Die taalkundige se woordatomisme laat hom abstrahéer van taalgebruik, hy het so dikwels nie taal*gebruik* voor hom as hy oor taal formuleer nie. So ver as wat sy bevindinge dan ook in dergelike

gevalle gaan, is hulle houdbaar, maar nie verder nie: hulle moet in 'n grotere samehang ingeplaas word. Dié situering van blootgelegde feite sou kon kom as hy dit vollédig erns maak met sy doelstelling „om die lewende taal *in* die gebruik en *vir* die gebruik te bestudeer."

Intussen sou dit vir die taalkundige nuttig wees om te onthou dat dit op die oomblik *die stilistiek* is wat hierdie studie van taal-in-gebruik onderneem: met dat hy aktuele gevalle van taalgebruik bestudeer. Alleen al om dié rede sou hy in hoë mate ter sake wees t.a.v. taalstudie: hy is taal*gebruik*studie.

Daarbý moet dr. L. onthou dat die taalkundige wat taalstudie resloos laat opgaan in taalsistematiese rubrisering (*algemene* taalkunde bedryf), noodwéndig abstraheer van aktuele taalgebruik. As hy nl. sê: „Ek wil 'n studie maak van die verskynsel *sametrekking* in Afrikaans (of van die plek van *of* in die Afrikaanse taalsisteem), dan abstraheer hy van aktuele taalgebruik, terwyl die stilistikus steeds 'n aktuele geval van taalgebruik voor hom het en dié blootlê. Die verskil in hul bestudering van taal *„in* en vir gebruik" (en hul verskil dus t.a.v. abstrahering) kan mens as volg verduidelik. Die taalkundige kan sê, rustig en ongedwonge: „Ek wil 'n studie maak van die plek van *of* in die Afrikaanse taalsisteem." Dan gaan hy daartoe oor om, soos dr. L. uiteengesit het, hierdie woord „op alle vlakke van gebruik" te agterhaal en hom te sistematiseer. In dié proses het hy miskien 500 voorbeelde van *of*-sinne (opgetekendes en/of gekonstrueerdes) onder oë gehad. Die stilistikus daarenteen bevind hom voor 'n teks, en in sy blootlegging daarvan kom hy meteens op 'n problematiese „of" daarin af, en dié versper sy interpretasievoortgang. Teenoor die taalkundige se situasie van: „Ek wíl 'n studie van *of maak,"* is die stilistikus se situasíe meteens dié van: „Ek móét 'n studie van *of* maak wil ek hierdie situasie begryp. Het die woord hier bv. 'n *opponerende* funksie, of is hy gewoon skakelend-deur-*variëring?"* En só onderneem hy sy taalsistematiese verkenning. Hiervoor het hy klaarblyklik nie vyfhonderd *of-sinne* as voorbeelde nodig nie, want hy wil hierdie probleemgeval nie sommer as aanleiding gebruik om die sistematiek van *of* vir die *hele* Afrikaanse taal vas te lê nie. Daarom kies hy, sê, 'n tiental gevalle, wat dirék met sy geval verband hou, en stel so die posisie i.v.m. hierdie probleemgeval vas. En as hy klaar is met sy bewusbeperkte taalsistematiese verkenningstog, dan kan hy sê: „So, nou weet ek wat die posisie met hierdie *of* is; nou kan ek voortgaan met die verdere interpretasie."

Die konteks, in diens waarvan hy sy ondersoek ingeset het, het vir hom op dié plek deursigtig geword.

Sou, wat hy gedoen het, nie linguïstiese ondersoek wees nie? Dit beantwoord tog aan dr. L. se eis vir taalstudie: hy het *in* 'n taalgebruiksgeval 'n linguïstiese probleem opgelos *vir* daardie geval van taalgebruik, sy taalsistematiese ondersoek was *direk diensbaar* aan taalgebruik?

Of verwag die taalkundige van die stilistikus dat hy sal *wag* op die gegewens i.v.m. 'n probleemgeval, daadloos na die linguïstiek sal opsien vir die verskaffing van die taalsistematiese data wat hy van tyd tot tyd nodig mag hê? Dit sou tog moes beteken dat sy ondersoek telkens opgeskort sal moet word solank as wat die „opgestuurde geval" in die taalkundige laboratoria ontleed en tuisgebring word? Ek dink selfs die mees vakbevange taalkundige sal so iets nie van 'n kollega verwag nie. Dis duidelik dat die stilistikus sélf ook in sulke gevalle sal moet uitspring. En selfs waar hy die data i.v.m. 'n probleemgeval voorhánde vind, waar hy dus dankbaar gebruik maak van die taalkunde se reeds-uitgevoerde sistematiese ondersoek, sal hy nie maar net kan „neem en insit" nie: omrede die bepaalde riffel wat dié probleemgeval in sý situasie mag hê en wat hy nog nêrens anders gehad het nie. Elke nuwe gebruiksgeval kan immers 'n nuwe „symbolisatie-act" aan die bestaande vorm voltrek?

En sou die stilistikus hom minderwáárdig moet voel oor sy 10 i.p.v. 500 beskoude gevalle? Nie noodwendig nie. Immers: wie waarborg dat *500* gevalle die sistematiek en sy waarheid blootlê? En waarom 500? Waarom nie 200? Waarom nie 100 nie? Waar is die grens waar *baie* in *waar* oorgaan? Of ís daar nie so 'n grens nie?

'n Ander moontlike beswaar: Sou die stilistiek, as hy so werk, 'n *hibridiese* dissipline wees, 'n „baster taalkunde-literatuurkunde"? Ly hy aan 'n „gesplete perspektief" as hy sowel taalsistematies verken as taalgebruikskundig ontleed? Tog seker nie: die taalsistematiese verkenning het hy onderneem *in diens van* die taalgebruikskundige ontleding — één perspektief bind sy gehele arbeid, die „een perspektief" wat 'n basiese vereiste is vir vakwetenskapwees.

Die atomisme is die taalkunde se grootste struikelblok op die oomblik. Die strukturalisme het hier natuurlik ontsaglike verbetering gebring, maar ook hy sit nog vol atomistiese aankleefsels. Ook hiér moet sy woord-gefikseerdheid 'n groot deel van die skuld dra. Sy voorliefde bv. vir die *ongeïntoneerde* woord berokken hom ernstige skade.

Die woord word volhardend in sy fatiese aspek betrag, sonder inagneem van sy opgeneemwees in die *intonasie.* Dit is hierdie verwaarlosing van die intonasie-moment (ten spyte van teoretiese erkenning van sy belangrikheid) wat verantwoordelik is vir die taalkunde se huidige onvoldrae *kommunikasie*begrip. Die taalkundige werk blykbaar in die oortuiging dat hy uit 'n studie van die woordbetekenisse en die grammaties-sintaktiese verhoudinge van die woorde van 'n sin kan uitkom by die *kommunikasie* wat dié groepie woorde doen. Maar hy vergeet dat taalgebruik ressorteer uit die samespel van 'n fatiese *en* 'n musiese moment, soos Reichling so duidelik aangetoon het, en: die musiese moment is die beslaggewende. 'n Sin wat 'n bepaalde mededeling doen, kan verander word na 'n sin wat 'n ingrypend ánder mededeling doen bloot deur bv. 'n verandering van aksent. Dieselfde betekeniseenhede (woorde) word gebruik, hulle staan in dieselfde grammaties-sintaktiese verhoudinge as voorheen, en tog kommuniseer die nuwe sin 'n ander toedrag. Die aksent is kommunikatief-funksioneel. En ook *die woordvolgorde,* wat dr. L. in dié verband afskryf: 'n verskillende toedrag kan nl. aangebied word deur twee sinne met verskillende woordvolgorde. Maar ek moet sê dat dié waarheid nie geredelik oop en bloot sal lê in sulke sinnetjies soos „Piet skop die bal" of „More kom Pa" waarvoor die taalkunde so lief is as voorbeeldsinne nie. 'n Studie van meer ingewikkelde strukture, en dit bínne kontekste, sal duidelik toon dat ons in woordvolgorde oor die moontlikheid beskik om 'n toedrag nie alleen *aan te bied* nie, maar hom ook te *hiërargiseer* in die aanbod (deur bv. 'n na vore haal van 'n relevante moment, 'n terugwys van ander, ens.). Twee sinne (sélfs miskien die twee wat dr. L. aanhaal en van die hand wys, nl. „Piet kom more" en „More kom Piet") hoef nie noodwendig struktuur*variante* te wees nie, maar kan struktuur*funksioneel* wees, en daarmee *kommunikatief* funksioneel. Maar dit is uiteraard *kontekstueel* vas te stel.

En met die sinsaksent is ons ook by die ánder aksente (dié van woord en woordgroep), en daarmee ook by dr. L. se „bête noire": *die ritme* (die ritme is „die geskematiseerde aksente"), en daarmee by die ander intonasieverskynsels wat in die literatuur kommunikatief-funksioneel aangewend word: versreëlverdeling, enjambering, tempo, e.d.m., en selfs miskien by die verskillende rymfaktore, bv. alliterasie, assonans, e.d.m. Daar is nog baie min sistematies bekend i.v.m. die verskillende intonasiemomente van die taal, en beslis min i.v.m. die plek wat

genoemde „versmomente" inneem in die intonasie, maar die feit dat digters so volhard met „ritmisering van hul aanbiedinge" in 'n klaarblyklike poging om 'n ekstra kommunikatiewe dimensie aan dié aanbiedinge toe te voeg, behoort miskien tot versigtigheid te stem om nie „klankalliterasie en 'n vers se heffinge en dalinge en sy rym buite die linguïstiek" (bedoel word: „buite *kommunikasie")* te verklaar of hulle bloot as „versvormkonstitueerders" af te skryf nie. En as hulle op een of ander manier kommunikatief-funksioneel is (en *aktualisering* val volledig binne die kommunikatiewe funksie), dan is die dissipline wat hulle mede in sy ondersoek betrek, nl. die stilistiek, nie „ekstralinguaal" nie, maar inteendeel aktueel linguïsties gerig, en daarom taalwetenskaplik ter sake.

(ii)

En dit bring my meteens by die tweede opsig waarin die taalkunde 'n „halwe" taal bestudeer (naas die *„vertikale"* onvolledigheid wat voorgaande was, tans 'n *„horisontale"*): Hy bestudeer die gewone, die alledaagse taalgebruik, gaan bv. so goed as geheel aan *die literatuur* verby. Behalwe vir 'n enkele, sporadiese inval in literatuurgebied (wat tot dusver gewoonlik òf iets barbaars òf iets amusants afgegee het), is die taalkunde sku vir die literatuur. Dis vir hom 'n ánder soort van taalgebruik, ongewoon, ongebruiklik, onkonvensioneel. Hy is dan ook onhandelbaar as taalstudiemateriaal. Die soort taalgebruik waaraan die konvensionele taalkunde sy hart verpand het, is die gewone, alledaagse taalgebruik. Aan hierdie soort taalgebruiksituasies (sinsituasies!) het hy sy taalwaarneminge gedoen, aan die hand hiervan sy sisteem-lesinge gemaak. Die gewone, alledaagse taalgebruik is sy pêrel van groot waarde, eintlik maar „je ware". Die literêre taalgebruik, die ongewone, is maar liewers links te late.

Teenoor hierdie beskouing van die literatuurtaal as „ongewoon", as „eienaardig", en daarom as eintlik geen geskikte studie-objek vir die taalkunde nie, sou mens graag die opvatting staande wil hou dat die literatuurtaal die mees *komplete* taal is. In die literatuur het die taal tot sy rykste ontplooiing gekom, hierin is hy tot 'n ryke, veelflikkerende verskeidenheid van fasette geslyp. In vergelyking met hom is die gewone taalgebruik *arm.* Hy omvat, om kort te gaan, alles tussen die nugtere mededeling en die briljante spel. Die hele skaal tussen gewoon en ongewoon word deur sy wyster bestryk.

Die konvensionele taalkunde het homself én die taal 'n tekort aangedoen met sy hardnekkige vasbyt aan die gewone, alledaagse taalgebruik as sy ware studievoorwerp. Hy moes sodoende immers kenmerke van die taal aflees aan 'n taalgebruik waarin alle kenmerke van die taal nie tot hul maksimale ontplooiing gekom het nie. Sodoende kon baie kenmerke wat wesenlik aan taal is, aan sy blik ontsnap en vir hom verborge bly: hy het hulle net nog nooit onder oë gekry nie, of hulle was so verskole in die alledaagse taalgebruik gebed dat slegs hul opsigteliker voorkoms in die literêre taalgebruik mens bewus sou kon maak van hul voorkoms óók in die alledaagse taal. Studie van literêre taalgebruiksgevalle, sou mens kon sê, is studie van die taal in sy mees wésenlike vorm. En in so ver as die taalkunde dié taalgebruik uit die pad gaan, kan hy noodwendig nie „vol" wees nie.

Die literatuur sou die taalkundige dan ook heelwat kon leer — én onthuts. In die literatuur sou hy 'n antwoord kon vind op verskillende dinge wat vir hom af en toe tóg problematies is aan die taal (bv. „simbolisasie-fossiele" in die taal), en aan die ander kant sal hy sy sekerheid dikwels geloënstraf vind t.o.v. sommige aspekte wat hy as onmoontlik vir die taal aangemerk het. En ook hiér sou sy kommunikasiebegrip 'n korreksie en 'n vrugbare uitbou kon ontvang.

Ek wil slegs lg. aspek illustreer, en daarmee wil ek albei die gestelde kritiekpunte op die taalkunde afsluitend kombineer.

Ek kies daarvoor 'n strofe uit Van Wyk Louw se *Ballade van die Drinker in sy Kroeg,* die een waar die stadium bereik is dat die wil „gedesintegreer raak".

Die taalkundige wat oor taal formuleer, sou kon sê: So iets soos sintaktiese lengte (lengtes van woordgroepe en/of eenwoordsbepalinge), of iets soos „kern-uitstel" (die vertraag bv. van Subjek of Predikaat deur 'n aantal telkens opduikende bepalinge) het geen kommunikatiewe implikasie nie, hulle het niks met kommunikasie te doen nie — kyk maar na die beskoude modelsinnetjies uit die gewone taalgebruik opgeteken.

Maar 'n mens moet blind en doof wees om die kommunikatiewe rol van hierdie faktore in die „kraalsgewyse" strukturering van hierdie strofe nie te besef nie. In die stuksgewyse verbylaat van die sinslyn word die verhaalde gebeure *gesimboliseer,* vind dit méde plaas. En kyk hoe eensillabigheid (vir 'n deel), maar veral die ritme (albei sg. nie-kommunikatiewe faktore) hierdie gekommuniseerde

gebeure van 'n snoer wat breek, nog „inhamer": vanaf vers 2 tref die ritme telkens „kraal na kraal" toe:

„Teen alle dinge wat ek glo
pleeg ek verraad, en in my, stil
soos reën, drup, val, kraal na kraal,
die dorre snoertjie van my wil."

Die passaat *is* ook wat hy („enkel maar") sê — waarmee die „sê" 'n kommunikatiewe dimensie bý het! En dat hierdie „is"-kant van die taal vir die taalkundige verborge kon bly, dit het hy te danke aan sy uitsluitende belangstelling vir die (opvállende!) „sê"-kant van die taal. En hy kon by sy „sê"-begrip uitkom omrede sy *kontekslose* belangstelling, en 'n kontekslose belangstelling vir slegs één soort taal: die alledaagse.

Ek vrees: die dissipline wat die litêrere taalgebruiksgeval vir sy studie-objek het, is onder 'n sekere opsig besien meer „midde-in" taalondersoek as die konvensionele taalkunde: hy bestudeer 'n vol-ontwikkelde taal in 'n aktuele situasie van taalgebruik!

2.

Met dit alles is natuurlik geen bewys of pleidooi gelewer vir die stilistiek as *taalkunde-dissipline* nie — 'n dergelike afleiding sou 'n bietjie moedswillig wees. Ek is dit volkome eens met dr. L. dat die stilistiek 'n *literatuurkundige* dissipline is. Dit was my alleen te doen om sy aanknopingspunte met taalondersoek te releveer. Genoemde afleiding sou dan ook alleen begryplik wees vanuit 'n opvatting dat taalstudie slegs taal*sisteem*studie is. As taalstudie egter ook die taal*gebruik*studie omvat, dan is die stilistiek in hoë mate ter sake t.a.v. taalondersoek.

Of die taalkunde hieruit sou moet gaan besluit om hom voortaan met sy volle gewig ook op die literatuurstudie te gaan werp? Eerlik gesê: so 'n afleiding sou my 'n bietjie onder die gord tref! Maar dit is natuurlik nie vir my om te sê nie, hier is niks te voorspelle of te forsere nie. Wat séker nie hoef te beteken dat ek nie 'n baie, baie sterk oortuiging mag hê dat alle taalkundiges nie sommer voetstoots as stilistici sal gaan uitpasseer nie: 'n ontleding van 'n literêre gebruiksgeval, soos 'n gedig, vra nie alleen *taal*verstand nie, maar ook *vers*verstand. Die probleem wat in hierdie hele verband eintlik die klemmende is: die noodsaaklikheid van liguïstiese onderlegdheid vir die literatuur-

kundige, die paar van taalinsig en versinsig, is natuurlik ook op 'n ánder manier as deur taalkundige immigrasie in literêre gebied op te los: deur verwydering van die bestaande vooroordeel teen taalstudie by literatuur-insigtiges, deur die betrek van meer „skone geeste" in die taalstudie. Só sou ons die huidige onversoenlikheid tussen taalkunde en letterkunde kon oplos — die skone gees wat geleerde is, en die geleerde wat 'n skoon gees het, om n.a.v. Spitzer te praat —, nie anders nie. En as ons lg. sou hê (die geleerde met „die skoon gees"), dan sou ons nie bevrees hoef te wees vir die taalkunde se „literêre ekskursies" nie: dié taalkundige sal weet dat hy dit met 'n *literêre* teks te doen het. Tot op datum móés ons dié ekskursies vrees: die taalkundige was, by al die goeie bedoelinge wat hy miskien met sy uittog gehad het, 'n boer op klompe in die literêre huis. (Nés baie literatuurkundiges, natuurlik — dít mag die taalkundige gerus weet!)

Ek moet dus van dr. Labuschagne verskil as hy aan die stilistiek die predikaat van volwaardige taalondersoek wil onthou. Dis basies ook my verweer teen 'n ander gedagterigting wat 'n onderskeid wil maak tussen twee soorte stilistiek: 'n taalkundige en 'n literatuurkundige, en wat aan lg. „linguïstiese verantwoording" wil ontsê. Maar teen hierdie gedagterigting is my verweer tóg anders gerig. Dr. L. erken immers die reg van die stilistiek op die *volle* literêre werk. Genoemde opvatting wil egter twee soorte dissiplines t.a.v. die literêre werk fundeer (soos gesê: 'n taalkundige en 'n literêre, albei stilistiek genoem), *en hulle teen mekaar afteken,* waardeur die linguïstiese stilistiek die *taalkundige* arbeid t.a.v. die literêre werk sal verrig en die literêre stilistiek die *literêre,* m.a.w. die literêre stilistiek (vir my stilistiek sonder meer) word van linguïstiese ondersoek afgeskerm. Hierdie dissiplinêre tweedeling t.a.v. dieselfde literêre werk erken ek nie, want hy is onhoudbaar („taalwaardes" en „literêre waardes" is nie dissiplinêr skeibaar nie), terwyl ek, nes teenoor dr. L., die verbod op linguïstiese ondersoek vir die stilistiek betwis. Die stilistiek bestudeer taalkunswerke: daarin is sy volle literêre én linguïstiese program voorgeteken en aangegee.

A. Alberts

HY KOM MET DIE SON

(Vir die skryfster van Sy Kom met die Sekelmaan)

I

Hoe groot is tog die seën: sekerheid,
die sterke wete, stil en twyfelloos,
vir hierdie hart so seer, bevrees en broos,
verskeur deur tweespalt, agterdog en stryd!

Kon ek die vrede oral, wyd en syd
verkondig, almal met die boodskap troos,
ek sou gedurig sing, ja, eindeloos,
tot op die laaste keerpunt van my tyd;

maar hierdie siel, gemartel deur sy volk,
is stom; vir sulke wêreldharmonie
te klein, te magteloos om oor te tolk.
Laat my net swyend sit hier aan u knie,

en vir 'n uur verenig in die gees,
deur u 'n bron van krag en waarheid wees.

II

Og, kon ek maar verstaan het
waarom my volk homself
met dogmas lamgeslaan het;
hoe uit die hemelse gewelf

geen ligstraal ooit meer daal nie,
en hoe die wysheid, ondermyn,
niks anders doen as faal nie;
of hoe, om vroom te skyn,

geleerdes steeds beaam
wat vals maar eeue-oud is,
in wrede godesnaam
verskrik wat reeds benoud is,

my tong sou uit verlamming luid
'n jubellied kon uit!

III

want diep in ons heers daar die wete:
Maak ons genoegsaam soos die wind;
ons kan geluk alleen ook vind,
en in onsself woed daar geen vete.

Die volk is ver van ons vandaan,
vanself ook moeg van dwaling.
Apart soek elke onderdaan
sy eie wetsbepaling.

Tevergeefs is saamwees nou,
want niemand volg 'n ander ná,
en elkeen aan homself getrou,
wil graag sy kruis maar eensaam dra.

Maak ons soos suiwer diere weer,
onvervals deur godsdiens, Heer!

IV

Lank voordat ek die lig aanskou het,
het hul my in die gevangenis,
wat hul vroegtydig rondom my gebou het,
toegesluit en aan die Duisternis

geketen. Soos 'n boompie wat nog jonk is,
wou hul my na húlle wens gebuig het;
terwyl ek tog vir altyd in die tronk is,
luid oor my verslawing uitgejuig het.

Hul dag hul het die goedheid ook gekluister,
die heelal al heeltemal verduister;

geen straaltjie lig sou ooit weer daarin slaag nie,
om deur die oue tronkmuur in te daag nie.

Hul het my klein gekersten en gedoop,
en op my onderdanigheid gehoop.

V

Moet ek nou wanhoop en vir ewig klaag,
omdat my volk 'n korte wyl so dwaas
kon wees om idiote te behaag
en eerloos na sy ondergang te haas?

Het ek dié Son se oerkrag nie vermoed,
die grense van my land nog nooit oorskry,
ek sou die oormag van die kwaad oor goed
erken, en ophou om vir reg te stry.

Vir elke duim wat in die duister kwyn
bly daar miljoen miljoene myle oor,
waar goedheid veilig heers en sonlig skyn.
In donker hoekies trap die kwaad sy spoor,

soos in die brein van elke Calvinis,
maar baie gou is dit weer uitgewis.

VI

Wees welkom, Grootste Son van Alle Tye!
Twintig eeue smag ons in ons lye
sterk, ja daagliks sterker na u vrye
waarheidswetenskap. Verbreek u swye

nou en spreek. Verhef dit oor die wye
Christenwêreld rond. Laat nou die blye
mensemassas om u dring soos bye.
Kom, tree triomfantlik deur die rye

hart- en sielversierde ereboë.
Let waarderend op die hemelhoë
geesdrif van ons eerlike vertoë,
en laat ons strewe goed wees in u oë.

Spreek net waarheid, Waarheid, in u stryd
en red ons uit ons leuenliewendheid!

Vincent van der Westhuizen

VONNIS

(Na aanleiding van 'n onlangse hofsaak in Windhoek.)

In daardie uur is daar geen woord van troos,
en salwende gedagtes is 'n klug —
wie durf nog grotere genade noem,
'n wyer wêreld iewers in die lug,
as ons hom met ons klein begrip van reg
en vrome woorde na die donker stuur
en neem wat ons geen mag het om te gee?
Daar is geen woord van troos in daardie uur.

„Skuldig . . . " . . . GOD, wie durf die woord nog spreek
en opkyk na U smettelose lug?
Of sal ons slaag om bloed met bloed te wis?
Die hele drama is 'n somber klug.
Oog vir 'n oog . . . „Was dit U godsbevel?
Was dit U eis, 'n lewe vir 'n lewe?
Tog, eenmaal op ons kinderlike vraag,
het U gespreek van sewentig maal sewe . . ."

Net een wat in die saal kon luister na
'n kort relaas van die getuienis
kon daardie wrange uur ontsettend weet
hoe broos die huls van ons beskawing is,
en waarom beeste by die slagvlek bulk.
Kan jurisdiksie in 'n nugter hof
die gees se kronkels meet? Maar toon sy smet,
smyt oop die deure, gee die geelpers stof!

Is dit ons wraak? Of wil ons met ons wet
hom van die kanker van sy daad genees?
Of dalk wil ons met dié genadedaad
hom losmaak van die wroeging van die vlees?
Dan sal ons van 'n Hoër Regbank praat,
met so 'n troos hom na die Donker stuur,
en dan ons hande in die skottel doop . . .
Voorwaar, daar is geen troos vir daardie uur!



GERHART HAUPTMANN

Vrede Op Aarde . . .

P. J. SCHOOMBIE

Die hond het soos 'n skim uit die niet verskyn. Die een oomblik was die smal straatjie verlate, die volgende oomblik was hy daar by die vuilisblik asof hy maar die heel aand al daar was. Hy het saamgesmelt met die skaduwees in die straat en tussen die geboue, 'n onafskeidbare deel van hierdie omgewing. As hy beweeg, was dit stil en sluipend en af en toe het sy oë groen gegloei in die flou lig van die enkele straatlamp. Die hare op sy ribbes is hard en aanmekaar gekoek en staan in bossies orent. Sy maer lyf is voortdurend gespanne om by die geringste geluid in die swart skaduwees te verdwyn, geluidloos soos hy gekom het.

Maar vanaand is dit stil in Katrynstraat. Dit is Kersaand en die meeste bewoners van hierdie agterstraatjie lê in hul vuil kamertjies besig om die roes uit te slaap wat te veel goedkoop wyn uit taai vuil glase gebring het. Die ander hang in gesellige luim aan 'n naby geleë kroeg se toonbank en staar met bloedbelope oë na die wentelende bottels op die rakke oorkant hulle. In die verte is die luide musiek van danssale en die dowwe geluide van vuurwerke hoorbaar, maar hier in Katrynstraat rus die ou geboue met sakbedekte vensters in die skaduwees van die onderdorp.

Oral word seënwense oor en weer uitgespreek, glimlaggende gesigte en gekleurde ballonne versier die strate en openbare eetplekke. Geskenke word aan mekaar gegee met die opregte gevoel in die hart dat dit 'n plesier is om te gee, want môre is Kersfees, die enigste dag in die jaar waarin die mens van sy daaglikse stryd om bestaan vergeet en toon dat hy darem nog iets in sy hart vir sy naaste oor het. Is dit dan nie die dag waarop die Skepper nuwe lewe en liefde op die aarde gebring het nie?

Maar vir die mense van Katrynstraat bring die feesgety geen vreugde nie. Die karige salaris, wat nie eers genoeg is om al die monde tuis te voed nie, word vanaand oor die kroegtoonbank geskuif in ruil vir die glasies vonkelende vog wat die drinker vergetelheid sal bring van armoede en honger, en wat die geluide van huilende kinders, wat bibber van die koue onder deurgeskaafde kombersies, sal laat vervaag. Wanneer hulle weer uit hul dronkmansslaap wakkerskrik, sal die toekoms donker voor hulle lê met nog meer swaarkry en groter ellende.

Daarom is Katrynstraat donker en verlate vanaand en kan hierdie dier, wat ook honger het, sy soektog van agterplaas tot agterplaas ongestoord voortsit. Elke snuffelbeweging van die kop of swaai van die stert word egter deur 'n paar blink bruin ogies gevolg. Hierdie paar dromerige ogies behoort aan ou Groot Hans se vyfjarige dogtertjie. Sy is die enigste oorblywende spruit van Groot Hans, want die ander viertjies het lank voordat hulle nog die eerste wankelende treetjies kon gee, van Katrynstraat afskeid geneem. Die honger magies en maer lyfies het hulle te gou vatbaar gemaak vir die siektes wat hier maar altyd in die vuil kamertjies en donker gangetjies tevoorskyn tree.

Kleintjie, 'n gepaste naam vir hierdie tenger krulkoppie, sit vanaand soos gewoonlik op die koue kliptrappie van hul rooi baksteenkamertjie, wat half skaam wegskuil in die agterplaas van 'n bouvallige dubbelverdieping. Sy is gewis klein en skraal vir haar jare, maar tog is daar 'n molligheid in die armpies en 'n blos op die wangetjies van die verdere bleek gesiggie, dat 'n mens onwillekeurig sal vassteek en weer kyk, en sal wonder of sy werklik in Katrynstraat behoort, of sy ook deel van hierdie omgewing is. Die mondjie is in 'n ernstige plooi saamgetrek en die ogies, wat besonder helder blink in die onsekere lig van die straat, volg elke beweging van die hond wat skelm sluipend in die straat af beweeg. Haar gedagtes maal egter om groot dinge vanaand, dinge wat haar kinderverstandjie nie mooi kan begryp nie. Telkens is dit so duidelik en helder asof sy dit kan vasgryp en verstaan, maar dan wyk dit weer weg voor haar en is alles net 'n warboel wat deurmekaar gil en skreeu soos die vuil kinders smiddae hier in die straat.

Mammie het haar al so baie vertel van Kersfees, die dag waarop Oom Jesus verjaar. Mammie sê Hy was 'n goeie oom. Hy het die kindertjies liefgehad en in sy arms gehou. Hy het sag met hulle gepraat en hulle vertel van 'n mooi plek waar almal lag en saamspeel en waar die kindertjies nooit huil nie. Daar kry die kindertjies ook nooit koud nie en daar is so baie lekker dinge om te eet.

Op die ingewing van die oomblik wonder sy of daar roomys sal wees, sulke wit roomys, so wit soos mammie se vadoeke daar by die wasskottel. As 'n mens dit in jou mond sit en so rondrol met jou tong dan smelt dit sommer so weg in jou mond, en dis so lekker dat 'n mens sommer wil rondspring en hardloop.

In haar kortstondige lewetjie het sy nog maar twee maal roomys geëet, maar dit het so 'n onuitwisbare indruk op haar gemaak dat sy dit nooit sal vergeet nie, want dit is

so anders as die growwe bruinbrood en sterk swart koffie of stywe pap, waaraan sy gewoond is.

Die kliptrappie is hard en koud en sy vou haar eenvoudige verbleikte linnerokkie met lomp handjies onder haar in. Met haar elmboë stewig gestut op haar knietjies en haar vuisies weerskante van haar ken staar sy weer uit in Katrynstraat. Haar gedagtes dwaal weer terug na waar dit begin het.

Die Oom Jesus moes darem 'n goeie omie gewees het. Mammie sê hy het nooit gevloek en geraas nie. Hy was ook nooit dronk soos Pappie nie.

As sy aan haar vader dink, is dit of sy skielik opskrik uit haar mymeringe en met onrustige ogies kyk sy op en af in Katrynstraat of sy nie sy groot swaar gestalte met die altyd slepende voete sien nie. Maar die straat is verlate, selfs die hond het verdwyn in die nag, na 'n ander deel van die buurt waar die strate nog donkerder en die huisies kleiner en bouvalliger is. Haar gespanne lyfie verslap weer en sy begin kronkelstrepies met haar vuil toontjie in die sand voor die trappie trek.

O, dit sou darem lekker gewees het as haar pappie soos Oom Jesus was. Maar nou is hy so anders. Sy is so bang as hy saans by die huis kom. Hy stamp haar altyd weg en raas met haar, omdat sy voor sy voete is. Hy raas ook altyd met Mammie, omdat daar nie genoeg brood is nie, of as daar nie suiker in die koffie is nie.

Dit was darem nog beter toe Mammie gesond was en klere vir ander tannies gewas het. Hulle het vir Mammie geld daarvoor gegee en Mammie kon altyd vir hulle genoeg brood koop. Daar was party dae ook lekker konfyt wat Mammie vir hulle gekoop het.

Maar nou is Mammie amper altyd in die bed. Mammie praat ook nie meer so baie met haar nie, vertel haar ook nie meer so baie stories nie. Sy wonder hoekom huil Mammie ook so baie party dae. As Pappie dit sien dan raas hy nog net meer met hulle. Vanmôre was Pappie weer so kwaad omdat sy die laaste stukkie brood in die blik gevat het. Hy het die deur oopgeskop en geskreeu dat hulle almal nog sal vrek van die honger in hierdie smerige nes. Sy weet nie mooi wat hierdie woorde beteken nie, maar sy weet dit moet lelike woorde wees en Pappie se oë was ook so rooi en kwaai toe hy dit gesê het. Sy het so bang geword dat sy by Mammie op die bed gaan wegkruip het. Mammie het haar hare gestreel en gesê sy moet nie bang wees nie want môre is Kersfees en dan sal alles regkom. Mammie het ook gesê sy moet soet voor die deur kom speel, maar sy

was so bang dat lank na sy nie meer Pappie se voetstappe in die straat kon hoor nie, het sy nog by Mammie op die bed gelê.

Haar handjie skuif amper onbewus op na haar magie waar die hongerpyne weer stadig verwytend begin knaag het. Sy sien weer helder in haar verbeelding die seuntjie vanmiddag hier in die straat verbyloop met die groot geel stuk koek in sy hand en sy onthou nog hoe hy dit met groot gulsige happe in sy mond laat verdwyn het. Die herinnering hieraan bring net weer die hongerpyne feller na vore, maar met bewende lippies probeer sy nie daaraan dink nie, want sy weet in hulle kamertjie is niks, net leë blikke en kastrolle. Sy wil ook nie na binne gaan nie, alles is so stil en donker daar binne en Mammie is ook seker baie siek, want sy roer nie meer nie en sy maak ook nie eers haar oë oop nie. Daarom bly sy maar liewer hier buite waar alles nie so donker is nie. Haar ogies dwaal van die een slordige geboutjie in die straat na die ander en dan na die sterre wat ver en klein daarbo blink.

Skielik dink sy weer aan wat Mammie haar van Oom Jesus vertel het. Toe Oom Jesus nog 'n babetjie was, het 'n groot blink ster hom vir sy mammie gebring. Die ster was baie, baie groter as die ander sterretjies en het geblink soos daardie borsspeldjie wat Mammie altyd dra. Al die mense kon die mooi ster in die nag sien en die ster het ook altyd gewys waar Oom Jesus was. Mammie het ook gesê dat sy nooit stout moet wees nie sodat sy 'n kindjie van Oom Jesus kan wees en dat sy eendag na hom toe kan gaan.

Maar sy is mos nie 'n stout dogtertjie nie, hoekom kan sy nie sommer nou na hom toe gaan nie. Sy wil nie meer hier bly nie, sy is so bang hier vanaand en Mammie wil ook nie meer met haar praat nie.

Vinnig spring sy op. Haar hartjie slaan hard in haar borsie en haar asem kom met vinnige stote. Die wonderlike nuwe gedagte wat sy gekry het, laat haar ogies opgewonde skitter en daar is 'n snaakse droë gevoel in haar mondjie, wat effens oophang.

Maar waar sal sy Oom Jesus gaan soek, sy was nog nooit alleen by die hekkie uit nie, net party dae saam met Mammie.

Die opgewondenheid maak plek vir teleurstelling, soos die donker in 'n kamer toesak as die lig afgeskakel word. Haar lippies begin onbedaarlik bewe en die trane skuil dig agter die lang bruin wimpertjies wat haar mooi ogies bedek.

Sy voel bang en alleen as sy weer op die trappie neersak

en teen die deur agter haar aanleun. Die groot verlatenheid hang soos 'n doodsheid om haar en Katrynstraat, die enigste wêreld wat sy ken, lyk nog mistroostiger as ooit tevore. Haar ogies dwaal weer op na die sterre, net asof sy daar in die groot swart nag met sy vonkelpuntjies 'n uitweg sal sien vir haar probleem, 'n weg na 'n nuwe lewe.

Dan kom sy orent, haar gesiggie 'n toonbeeld van openbaring en insig. Mammie het gesê daar was 'n ster, 'n groot blink ster. Sy sal die ster gaan soek, 'n mooi ster wat blink soos Mammie se borsspeld, daar sal Oom Jesus wees. En hy sal haar lekker kos gee en 'n warm bedjie en miskien sal hy vir Mammie ook kan help, haar weer laat lag en praat.

Sy twyfel nie meer nie, sy is nie meer bang nie, alleen die besef dat sy die ster moet soek, daar êrens in die oneindigheid van die groot swart nag, laat haar gejaagd in Katrynstraat af strompel. Met haar blik steeds gerig op die sterre daarbo, struikel sy telkens oor 'n ou konfytblik of leë bottel.

Sy is nie bewus daarvan dat sy Katrynstraat verlaat het en in ander nou donker straatjies voort strompel nie. Sy kom in dele waar daar meer tekens van lewe is. Daar uit die gebou klink wilde dansmusiek op van 'n blikkerige grammofoon, hier in die lae baksteenhuisie met die wit pleistering vloek iemand met 'n slepende tong; daar in die donker dubbelverdieping breek 'n glas met skerp klinkende geluid.

Nog gaan sy voort, nie meer so seker nie, maar nog koorsagtig soekende na iets wat in haar kinderverstandjie alles geword het, haar lewe en haar geluk.

Soos sy voortgaan, verbeter die omgewing geleidelik. Mooier huisies begin hul verskyning maak. Tuine, eers klein en later groter, pryk langs die strate. Instinkmatig hou sy op die sypaadjie in die skaduwees van die bome langs die straat. Motors snel hier vinnig heen en weer en hier en daar knor 'n hond grimmig by 'n tuinhekkie vir haar.

Sy gaan nog voort, maar baie stadiger as toe sy begin het en die doelbewustheid en sekerheid brokkel stadig weg voor die vrees wat in haar groei en elke oomblik toeneem. Sy word bewus daarvan dat sy haar in 'n vreemde wêreld bevind, 'n wêreld wat sy nie ken nie en wat sy nog nooit gesien het nie. Verskrik steek sy vas en kyk terug met die pad soos sy gekom het, maar ook daar is alles vreemd. Sy is verlore in hierdie wêreld van lig en motors en mense.

Sy is skielik bang, so bang soos sy nog nooit in haar kort lewetjie was nie. Sy wil teruggaan na die warmte en

beskerming van hul donker kamertjie. Sy wil haar mammie hê, haar bedjie, want sy is moeg en honger en haar hele lyfie bewe onder die dun beskutting van haar linnerokkie.

Sy begin skielik hardloop. Sy weet nie waarheen of hoekom nie, sy doen dit net om te probeer wegkom van die vrees en verlatenheid wat die trane oor haar wangetjies laat rol. Sy wil wegkom van hierdie verligte strate, van die groot motors wat so vinnig ry en hard raas, van die omies op die sypaadjie wat haar so snaaks aankyk.

Haar asempie jaag deur haar keel en haar tongetjie is groot en droog in haar mond. Haar voetjies is seer en haar beentjies is swaar van die tamheid wat haar hele lyfie deurtrek het. Sy kan nie meer verder nie, deur die trane in haar ogies sien sy die straatligte heen en weer swaai.

Sy sien die groen grasperke en groot donker bome van die parkie as sy alreeds deur die hekkie gestrompel het. Die stilte hier is vir haar soos die hemel na die rumoer van die straat, die lewe wat daar voortsnel.

Sy gaan staan onder die bome en staar hulpeloos om haar rond, en dan sien sy dit! Die ster waarna sy die hele aand al gesoek het, is daar voor haar oë, groter, mooier en blinker as wat sy ooit kon droom.

Die dowwe strale van die veraf straatlampe weerkaats duisende kleure op die blinkertjies van die ster wat skuins teen die boomstam leun en amper helder gloei.

Met 'n kreet van verligting en blydskap storm sy vorentoe met uitgestrekte handjies om die wonder hier voor haar te betas. In haar hartjie is die wonderlikste gevoel en sy wil lag en huil gelyk, want sy het die ster gevind en daarom sal Oom Jesus ook hier naby wees, miskien êrens tussen die donker skaduwees op die flou verligte grasperke.

Ver daarvandaan, in 'n ander voorstad, staan Hendrik Jordaan terug om sy handewerk te beskou. Die kersboompie is gereed en met 'n gevoel van opgewondenheid skakel hy die tientalle gekleurde liggies aan. Die liggies loer helder lokkend uit tussen die groen takkies van die boompie. Oral tussen die blare skitter die blinkers in die ligstrale en onder aan die voet van die boompie is die geskenke vir die hele gesin in gekleurde papier toegedraai. Hy sak moeg neer in 'n leunstoel. Hy het so hard gewerk om die boompie gereed te kry, en nou is hy bly dat dit 'n sukses is, dis net jammer dat hy die ster vanmiddag daar in die parkie vergeet het. Dit sou wonderlik vertoon het op die top van die boompie. Hy kry nie kans om verder hieroor te dink nie, want sy vrou, met die twee seuns aan elke hand, kom luidrugtig die kamer binne en 'n rukkie

later is die gesin geskaar om die kersboom en elkeen se gesig straal van geluk, wat alleen 'n eie kersboom in 'n huiskringetjie kan bring.

Die swaar slae van 'n horlosie êrens in die stad word ver op die nagwind gedra. Dis twaalfuur, die begin van nog 'n kersdag. Die boemelaar kom sloffend in die paadjie van die parkie afgeslinger, sy oë soekend na 'n bankie waar hy die nag kan deurbring. Hy steek onseker vas, trek die plat botteltjie tussen die flenters van sy baadjie uit en met 'n klapgeluid van sy bebaarde lippe, laat hy die laaste druppels brandend in sy keel afrol.

Met 'n onverskillige beweging slinger hy die leë bottel oor die grasperk, en dan sien hy iets wat sy lewenlose ogies laat groter rek. Sou hy regtig so dronk wees of is hy besig om mal te word? Versigtig steier hy 'n paar treë nader. Nee, sy oë bedrieg hom nie; wat hy sien is die werklikheid. Daar voor hom teen die stam van die boom sit 'n dogtertjie, 'n klein dogtertjie met 'n groot blink ster in haar armpies vasgeklem. Die koppie hang skeef op die een skouer soos sy in 'n droomlose slaap weggeduimel het. Tranestrepe oorbrug die vuil wangetjies en om die lippies is 'n glimlag wat alleen van die grootste geluk en tevredenheid kan spreek.

Nugter geskrik staan hy daar die skouspel en aangaap en dan asof sy liggaam te swaar vir sy bene geword het, sak hy met 'n sug op die gras neer. Die soete klanke van kersliedere by 'n nabygeleë kerkie kom op die windjie aangewaai. Terwyl groot dronkmanstrane in sy baard afrol, vorm sy lippe die woorde: „Vrede op aarde en die mense in welbehae."

Earl Martin

I

SONDAG OP MYNDORP

Kinders kruip uit die steenkoolskag
ná mol-mol in die maalgange;
Swartpiet voor, agter, algar swart,
weens die hellingholte-pret.
Dis oënskynlik Sondag hier
waar hulle swartpa's ander dae
monopoleer vir bietjie brood,
kakieklere, skoolgeld en tabak,
en saans wit word van bad
waarna hulle kinders bang vertel
van die myn met al sy misterie:
sy gas, slaggate en Die Ding
wat rusdae alleen daar boer
(of hulle dit nou nog bly glo!)
Taai seuns loop Sondae voor,
en weet hul vaders, voorman en die volk
bly dié dag wat hul kan ver weg
van die getonnel in die grond
wat donker is en koel en vrot.
Maar hulle droom vir hierdie ure,
na ses dae son en lug so soet
soos water; na al die regop loop,
die doodse alledaagsheid om die stoep
— skril ma-stemme, vuil skottelgoed —
Nou breek hulle weg en plotseling
is hul soldate, skurke, rooihuide,
Robinson Crusoe en manne van Mars.
Roetdraers in 'n reguit ry,
tjoek-tjoek hulle onintelligent
al met die spoor van koekkepan
en fluit: pissop, hier kommie trein!
Skemer-honger kruip hulle uit
en dryf behoedsaam na die dam.
Hier teen die eerste ster uitkom,
lê almal in hul wit nagrus.
Verlate lê die steenkoolmyn,
swart, gitswart in die nag.

II

TELEFOONHOKKIE

Hierdie is 'n ronde tronk,
en ek is binne vas:
as iemand net die deur toeknip
en een die draad aflas.

Die stemme rondom my raak weg;
voor my bril word nag;
binne 'n boorgat, bo is 'n dak;
op iets gaan ek wag . . .

Iets swart en nat en hard
en lang eggolagte.
Hier waar ek jou, my beminde,
wou sê en hoor van nagte

van wense maar jy, jy
is die een wat die deur
gegrendel het en jy
knip die draad middeldeur.

III

PROSPEKTEERDER

Bruin berg swyg alkant;
hier groei geen gras.
Die fontein spoeg lood,
en lug is die belofte-erts
met 'n geel stuk goud
wat hy twaalf ure toon.
Hy kap,
die hou klink dof;
hy pik
en sonder ophou
keep hy 'n Johannesburg uit klip.

IV

DIE MYNWERKER

Ek werk vir pitte, (sê die myner)
Ek werk nie vir 'n saak soos jy,
waar „geld nie alles in die lewe is,"
Ek werk beslis net vir my pay.

Daai harde rif laasweek —
Jy moes my sien hoor het,
en daainemaait laai;
jy moes die skoot gehoor het . . .

En toe slaan ek aan ouwertaaim
iets oor die honderd, ja,
hoekom sal ek staan en lieg?
jy kan my voorman vra.

Nee, pitte sê ek jou;
los die plesier en die vroue . . .
Ahem . . . e . . . 'skuus, ek hoes kwaai,
lyk my dis verkoue . . .

V

VLUG VAN WIT VOËL

Hy dryf oor toppe bo die wip
van katboom en fiskaal;
In hierdie uitdun isoleer
hy troon in spierwit praal.

Hy breek die wolke — vreemde wens
en droomsee — maar weet nie . . .
Of sou hy weet? Miskien weet hy,
die klein weerstand: glorie.

Hy lag sy lied bo uit die blou,
en skitter in sy gang.
'n Voël wat wense agtervolg
en stukkies sonstraal vang.

Kruger van Niekerk

PYN

Ek wil wegwaai
soos 'n windswael
en saggies
kla,
kla
oor die vaal veld
en vra:
waarom?
waarom?

Ek wil kerm
soos 'n dikkop
langs die voor
in die nag
en op,
opkyk
en wag:
waarom?
waarom?

DIE VERSKIETENDE STER

Tempus fugit.

Oor en oor het ek gewens
om weer die seuntjie van
so lank gelee te wees;

Om weer in blye verwagting 'n kous aan
die katel te hang en te droom van
'n slee en silwerklokkies en Sinterklaas.

Hoe wens ek dat ek weer rein en sonder tooi
kan lê en kyk hoe die wolke swem daar bo,
in 'n see so blou en so mooi;

Dat ek weer kan loer na die witgatspreeus
in die turksvylaning, met hul geelring-oë;
hoor hoe die duiwe koer in die wilgerboom
en sien hoe die vinke uitwarrel, geel en rooi
uit die riete langs die stroom.

Ek wil weer op die plaas, saans
by die kers my Bybel lees en saam met outa Frans
vroeg in die môre trap
in die mis van die kraal en voel

hoe die kalf my vingers lek en woel
in die emmertjie melk; ver stap
verby die wit pop'liere en die sweep hoor klap
oor die rooi Afrikaners; die swart grond ruik
en proe, en in die koel water van die spruit
loop en voel hoe die modder krul om my tone,
en saggies fluit.

Hoe het ons nie gesing as ons in die pad val
met vakansie en per motor reis
na Aliwal-Noord of Vryburg of die Victoriaval!

Ek wil weer 'n hofknapie
wees met 'n koker vol pyle en 'n silwerbogie
en my hart oopgooi en die
blommemeisietjie soen en bly wees oor . . . niks nie.

Ai! Dis 'n ster wat verskiet; wat verbygaan.
Ek het by haar gestaan
en in afwagting gevra:
Mag 'n dominee ook klavierspeel, Mamma?

Nou is dit skielik alles so anders —.
Ek wens dat ek weer 'n seuntjie was;
ek wens . . .
ek kan wegvlug in 'n bootjie op die branders!

Deur die Venster

MAURICE MAETERLINCK

(Vertaal deur C. W. Hudson)

BUITE IN DIE TUIN:

Die Ou Man.
Die Vreemdeling
Martha } Die Ou man se Kleindogters.
Maria }
'n Boer.
Die Skare.

BINNE IN DIE HUIS

Die Vader
Die Moeder
Die Twee Dogters } Stil figure.
Die Kind

'n Ou tuin waar wilgerbome groei. In die middel 'n huis waarvan die vensters op die grondverdieping verlig is. Deur die venster kan 'n gesin om 'n lamp taamlik duidelik gesien word. Die VADER sit in die hoek waar die skoorsteen en kaggel is. Die MOEDER wie se een elmboog op die tafel rus, staar voor haar uit. Twee jong dogters, in wit geklee, sit en naaldwerk doen; hulle glimlag en sit en droom in die rustigheid van hulle samesyn. 'n Kind lê met sy kop op sy moeder se linkerarm; hy is vas aan die slaap. As een van hulle opstaan, beweeg of loop, lyk hulle bewegings traag en langsaam soos op 'n afstand deur die venster gesien.

Die Ou Man en die Vreemdeling gaan die tuin versigtig binne.

DIE OU MAN: Hier is ons nou aan die agterkant van die huis. Hulle kom nooit in hierdie gedeelte van die tuin nie. Die voordeur is aan die anderkant. Hulle is al gesluit vir die nag. Hierdie vensters is darem nog oop, ek kan die lig sien skyn . . . Ja, daar sit hulle nog om die lamp. Gelukkig het hulle ons nog nie gehoor nie; miskien sou die moeder of die dogters kom kyk het, en wat dan?

DIE VREEMDELING: Wat sal die beste wees om te doen?

DIE OU MAN: Ek wil net kyk of almal daar is. Ja, ek kan die vader voor die kaggel sien sit. Hy sit met sy hande op sy knieë . . . doen niks. Die moeder sit met die elmboog op die tafel en leun . . .

DIE VREEMDELING: Sy kyk reguit na ons toe!

DIE OU MAN: Nee, sy kan ons nie sien nie — hier waar ons in die wilgers se skaduwees staan. Wag, moenie nader gaan nie . . . Daar sit die dooie meisie se twee susters; hulle doen naaldwerk. Die kindjie is vas aan die slaap. Die oorlosie in die hoek staan op nege-uur . . . Hulle weet nog niks, hulle sit net daar.

DIE VREEMDELING: Wat, as ons die vader se aandag probeer trek, vir hom wink? Hy draai sy kop hierheen. Moet ek hier aan die ruit klop? Een van hulle moet tog hoor . . .

DIE OU MAN: Ek weet nie wie om te roep nie . . . Laat ons versigtig wees. Die vader is al ouerig en nie meer sterk nie — die moeder ook — die dogters is nog te jonk . . . En hulle het háár byna aanbid. Daar is nie 'n gelukkiger huisgesin nie . . . Nee, wag! Moenie na die venster gaan nie. Dit sou die wreedste manier wees. Ons moet hulle gewoonweg daarvan vertel, asof dit 'n alledaagse ding is; en ons moenie te treurig lyk nie, anders sal hulle nóg treuriger word en nie weet wat om te doen nie. Kom ons loop om die huis. Dan kan ons aan die voordeur gaan klop en ingaan asof niks verkeerd is nie. Ek sal voorloop, dit sal hulle nie verras nie; ek kom kuier dikwels in die aand; en bring blomme of vrugte saam, bly 'n uur of wat aan 't gesels.

DIE VREEMDELING: Waarom moet ék dan saamgaan? Gaan liewers alleen, ek sal hier wag. Hulle ken my nie — ek is maar 'n vreemdeling — .

DIE OU MAN: Tog moet ek nie alleen wees nie. Slegte nuus wat één mens dra, klink die ergste. Ek het netnou daaroor gedink . . . As ek alleen ingaan, moet ek dadelik iets sê; na 'n paar woorde sal hulle alles besef; alles sal klaar gesê wees; en ek vrees die stilte wat volg op slegte nuus. Dit is wat 'n mens se hart breek. As jy saamgaan, kan ons met 'n ompad begin; ek sal byvoorbeeld sê: „Hulle 't haar so of sus gevind . . . Sy't stroomaf gedryf, met die hande gevou . . ."

DIE VREEMDELING: Haar hande was nie gevou nie; die arms was langs die sye.

DIE OU MAN: Sien jy hoe doelloos praat ons — en die hele gebeure is onhelder. Of as ek alleen sou ingaan — ek ken hulle so goed — my eerste woorde sal hulle

vreeslik skok, en die Here weet wat daarna sal gebeur. Maar, as ons om die beurt met hulle praat, sal hulle op ons woorde let en vergeet om die slegte tyding in die gesig te staar. Onthou, die moeder is daar, en alreeds hang haar lewe aan 'n draadjie . . . Die eerste golfslag van verdriet moet liewers op woorde breek. Dit is beter dat mense in woorde die eerste verlossing kry en práát. Woorde dra van die leed weg, liggies, soos wind . . .

DIE VREEMDELING: Kyk hoe nat is u klere, die water drup op die paadjie.

DIE OU MAN: Ag, dié klere is ook al oud, dis geen skade nie. Maar jy bewe. Jou eie baadjie is vol modder . . . ek kom dit nou eers agter, want dit was al sterk donker.

DIE VREEMDELING: Ek was tot oor my middel in die water.

DIE OU MAN: Was jy al lank daar toe ek kom?

DIE VREEMDELING: Net 'n paar oomblikke. Ek was op pad na die dorpie toe; dit was al sterk skemer oor die rivier. Ek het geloop en kyk na die dowwe blinkheid van die rivier, toe ek 'n vreemde voorwerp by 'n klompie riete gewaar . . . ek stap nader en sien hoe haar lang hare soos 'n ligkrans om haar hoof in die water heen en weer spoel . . .

(In die kamer draai die TWEE JONG DOGTERS hulle koppe na die venster se kant toe.)

DIE OU MAN: Sien jy hoe skud haar susters se hare om hulle skouers?

DIE VREEMDELING: Hulle 't hierheen gekyk, net hulle koppe gedraai. Miskien 't ek te hard gepraat.

(Die twee dogters kyk weer na die naaldwerk in hulle hande).

Daar kyk hulle weer voor hulle . . . Ek het diep in die water ingeloop, aan haar hand gevat en haar maklik kant toe getrek. Sy was enige tyd net so mooi soos haar susters . . .

DIE OU MAN: Ek dink sy was veel mooier . . . ek weet nie hoekom ek nou al my moed verloor het nie . . .

DIE VREEMDELING: Watse moed? Ons het alles in ons vermoë gedoen. Sy was al langer as 'n uur dood.

DIE OU MAN: Vanoggend het sy nog gelewe! Ek het haar uit die kerk sien kom. Sy't my vertel dat sy weggaan . . . was op pad na haar ouma oorkant die rivier. Sy't nie geweet wanneer ek haar weer sou sien nie . . . Dit het gelyk asof sy my iets wou vra; miskien was sy te skaam, toe's sy skielik daar weg. Maar noudat ek daaraan dink — vanoggend het ek dit nie besef nie — haar glimlag

was dié van iemand wat stil wou wees, van iemand wat weet sy sou nie verstaan word nie . . . Selfs hoop was 'n pyn; haar oë was troebel, en sy't skaars na my gekyk.

DIE VREEMDELING: 'n Paar van die boere daar het my vertel sy het die hele middag op die rivierwal rondgedwaal. Hulle dag sy soek veldblomme . . . Moontlik is haar dood . . .

DIE OU MAN: Niemand kan sê nie . . . Hoe kan mens weet? Miskien was sy iemand van min woorde, en elkeen het die een of ander rede om die lewe agter te laat. In die siel kan mens nie kyk soos in daardie kamer nie. Almal is so — hulle sê doodgewone ou dingetjies, en niemand raai daar is fout nie. Maandelank lewe mens langs iemand wat nie meer van hierdie wêreld is nie, wie se siel nie meer belang hier het nie; jy praat tog nog met haar, en jy sien wat gebeur. Hulle lyk soos marionette, en al die tyd vind so baie dinge in hulle siele plaas. Self weet hulle nie eers wie hulle is nie. Sy't seker net soos die ander gelewe. Tot op die laaste het sy gewone dinge gesê: „Vandag sal dit reent," of „ons gaan eet; ons sal dertien aan tafel wees," of „Die vrugte is nog nie ryp nie." Hulle praat oor die dooie blommetjies, en ween in die nag se stilte. 'n Engel uit die hemel sal dit nie sien nie, en ons verstaan niks nie, totdat alles verby is . . . Gisteraand nog het sy soos haar susters daar in die lamplig om die tafel gesit; en nou sien jy hulle ook anders aan . . . Dis of ek haar nou vir die eerste keer sien . . . 'n Nuwe ding moet in ons alledaagse lewe kom voordat ons dit kan verstaan. Dag en nag is die skaduwee by jou; jy sien hulle behoorlik net as hulle vir ewig weggaan. Watter vreemde sieltjie moes sy tog besit het, 'n ongekende, blanke sieltjie — om die dinge te gesê het, en om so vreemd te handel!

DIE VREEMDELING: Kyk hoe glimlag hulle daar . . .

DIE OU MAN: Niksvermoedend — hulle verwag haar nie vanaand tuis nie.

DIE VREEMDELING: Hulle sit so stil en glimlag. Kyk, die vader hou sy vinger voor sy mond . . .

DIE OU MAN: Dis oor die kind wat by die moeder slaap . . .

DIE VREEMDELING: Sy is bang om te verroer, dit kan hom wek.

DIE OU MAN: Hulle werk nie meer nie. Dis doodstil daarbinne.

DIE VREEMDELING: Die bal wit wol het geval . . .

DIE OU MAN: Almal kyk na die kind . . .

DIE VREEMDELING: Hulle weet nie ander kyk na hulle nie . . .
DIE OU MAN: Ons word ook afgeloer . . .
DIE VREEMDELING: Hulle kyk op . . .
DIE OU MAN: Tog kan hulle niks sien nie . . .
DIE VREEMDELING: Hulle lyk gelukkig, tog is daar iets — ek weet nie wat nie . . .
DIE OU MAN: Hulle dink hulle is buite gevaar. Toe is die deure, en die vensters geslote. Die ou huis se mure is versterk; die swaar deure is aldrie op slot. Dis net die onvoorsiene wat nie uitgesluit is nie.
DIE VREEMDELING: Ons moet hulle tog vertel. Miskien kom val iemand sommer met die deur in die huis. Daar was 'n hele skare in die vlei by die dooie meisie — dalk kom klop een van hulle aan die deur . . .
DIE OU MAN: Martha en Maria is by die lykie. Van die mans sou 'n draagbaar maak, en ek het my oudste kleindogter opdrag gegee om ons te laat weet sodra hulle kom. Laat ons vir haar wag; sy kan saam met my ingaan . . . Ek voel aardig dat ons so na hulle moet staan en kyk. Ek dag dit sou maklik wees — ingaan en in 'n paar woorde sê wat gebeur het . . . Maar ek staan al te lank na hulle en kyk . . .
(*Maria kom op*).
MARIA: Hulle kom aan, Grootvader.
DIE OU MAN: O, is dit jy? Waar is hulle?
MARIA: Onder om die draai:
DIE OU MAN: Hulle loop stil.
MARIA: Ek het gesê hulle moet saggies bid. Martha is by hulle.
DIE OU MAN: Hoeveel is daar?
MARIA: Die hele dorpie is in die optog. Party het lanterns gedra — ek het hulle die ligte laat doodmaak.
DIE OU MAN: Watter pad sal hulle vat?
MARIA: Met die voetpaadjie langs. Hulle loop stadig.
DIE OU MAN: Die tyd het aangebreek . . .
MARIA: Het Grootvader hulle al vertel?
DIE OU MAN: Kind, jy kan sien ons was nog nie binne nie. Kyk hoe sit hulle nog in die lamplig. Kyk, kind, kyk na die lewe daarbinne . . .
MARIA: Ag tog . . . dis so vreedsaam daar by hulle. Dit lyk my ek sien hulle in 'n droom.
DIE VREEMDELING: Kyk daar — die twee susters roer!
DIE OU MAN: Hulle staan op . . .
DIE VREEMDELING: Lyk my hulle kom venster toe.
(Op hierdie oomblik loop een van die twee susters na

die een venster, terwyl die ander na die derde venster loop; hulle druk hulle handpalms teen die ruite vas en staar die donkerte in).

DIE OU MAN: Niemand kom na die middelste venster nie.

MARIA: Hulle kyk na buite, dis of hulle luister . . .

DIE OU MAN: Die oudste glimlag oor iets wat sy nie sien nie.

DIE VREEMDELING: Die oë van die ander een is vol vrees.

DIE OU MAN: Wees versigtig: ons weet nie hoever die siel om die liggaam strek nie . . .

('n Lang pouse. Maria vly haar teen die ou man aan en soen hom).

MARIA: Grootvader!

DIE OU MAN: Moenie ween nie, Kind; ons beurt kom tog ook.

('n Pouse).

DIE VREEMDELING: Hulle staan lank daar . . .

DIE OU MAN: Arme kinders, hulle sal niks sien nie, al kyk hulle 'n honderdduisend jaar — die nag is te donker. Hulle kyk hiernatoe; en die onheil kom van die ander kant af aan.

DIE VREEMDELING: Dis goed dat hulle hiernatoe kyk. Daar is iets wat aankom oor die bult.

MARIA: Ek dink dis die optog; maar dis nog te ver om mooi te kan sien.

DIE VREEMDELING: Hulle kronkel al met die paadjie langs — daar is hulle nou teen die afdraand in die maanlig sigbaar.

MARIA: O, maar daar is baie van hulle. Toe ek daar weg is, het mense van alle kante gekom. Hulle is nog nie by die voorstes nie.

DIE OU MAN: Hulle sal nietemin ook kom. Daar sien ek hulle in die verste vlei, klein soos kraaie op die veld, want hulle is ver. Die dogters sou nie verstaan wat aangaan nie al sou hulle hulle sien. Hulle rûe is daarop gekeer, maar die onheil kom met elke tree van die optog nader en nader. Twee uur lank hang die wolk nou al oor hulle — en hulle is magteloos om dit te verwyder. Hulle sit in sy skaduwee. Dit bly onverbiddelik oor hulle hang. Hy ken sy koers en draai nie uit nie. Mag hulle krag van iewers vandaan kry. Hulle rou, maar hulle kom al hoe nader. Hulle harte loop oor van meegevoel, maar hulle moet aanhou . . .

MARIA: Grootvader, die oudste glimlag nie meer nie.

DIE VREEMDELING: Hulle verlaat die vensters . . .

MARIA: Daar soen hulle hulle moeder...

DIE VREEMDELING: Die oudste stryk met haar hand oor die kindjie se hare sonder om hom wakker te maak.

MARIA: Lyk my die vader wil hê hulle moet hom ook soen.

DIE VREEMDELING: Nou is daar stilte...

MARIA: Hulle is weer terug na die moeder.

DIE VREEMDELING: En die vader sit en kyk na die heen en weer swaai van die klok.

MARIA: Lyk my hulle sit en bid, sonder om dit te weet.

DIE VREEMDELIG: Asof hulle na hulle eie siele luister... *('n Pouse).*

MARIA: Grootvader, moenie hulle vanaand vertel nie!

DIE OU MAN: Kyk wie verloor nou ook moed. Ek het geweet jy moes nie na hulle kyk nie. Ek is byna drie-en-tagtig, en nou eers besef ek hoe waar die lewe is. Dis asof alles wat hulle doen, vreemd en vroom is. Daar sit hulle doodeenvoudig om die lamp en wag op die aand, soos ons móés gesit het; tog sien ek hulle asof op 'n lang afstand, en dit net omdat ek iets weet wat húlle nie weet nie... Is dit dan nie so nie? Waarom is julle twee so bleek? Miskien is daar iets anders wat ons nie onder woorde kan bring nie — wat ons laat ween? Min wis ek hoe treurig so iets is, en watter vrees dit kan wek in diegene wat daarna kyk. Selfs al het niks gebeur nie, sou ek nóg bang gewees het om hulle so vreedsaam daar te sien sit. Hulle vertroue is te diep in die wêreld gewortel. Daar sit hulle teen die vyand beskerm deur net 'n paar vensterruite. Hulle meen niks kan gebeur nie; want die deure is toe, maar hulle weet nie dis in die *siel* waar die 'skriklike gebeure voltrek word nie, en dat die wêreld nie by mens se voordeur ophou nie. Hulle voel so veilig, en besef nie ons weet alles van hulle klein lewetjie nie, en dat ek, 'n afgeleefde ou grysaard, twee treë van hulle deur af, ál hulle geluk in die holte van my hand soos 'n verwarde voël vashou nie... en ek durf nie my hand oopmaak nie...

MARIA: Wees hulle genadig, Grootvader...

DIE OU MAN: Ons kry hulle jammer, Kind, maar niemand kry óns jammer nie.

MARIA: Vertel hulle môre, Grootvader; in die lig van die dag, dan sal hulle nie so seer kry nie.

DIE OU MAN: Miskien is dit soos jy sê, kind... Om dié dinge in die aand te laat vaar. Môre se daglig is lieflik... Maar wat sal hulle môre sê? Onheil maak mense jaloers — die wat daarin betrokke is, wil eerste daarvan weet — hulle laat dit liefs nie in vreemde hande nie.

Nee, ons sou hulle van iets beroof.

DIE VREEMDELING: Dis in elk geval nou te laat; ek kan die optog hoor aankom.

MARIA: Ja, hulle is hier — oorkant die heining. *(Martha op).*

MARTHA: Soe' hier is ons. Ek het die pad gewys — hulle wag hier buite. *(Kinderstemme word gehoor).* Die kinders raas! Ek't hulle belet om te kom, maar die moeders wou nie luister nie. Ek sal gaan stilmaak — O, hulle't opgehou. Is alles gereed? Ek het haar ringetjie gebring; iemand het dit afgehaal. Ek het vrugte vir die kind. Ekself het haar op die draagbaar geplaas. Gelyk of sy slaap. Haar lang hare kon ek nie mooi optooi nie. Ek het hulle laat aandblommetjies pluk — daar was geen ander nie. Hoekom staan julle hier? Hoekom is julle nog nie binne nie? *(Sy kyk by die vensters in).* Hulle treur nog nie! Het — het julle nog nie vir hulle vertel nie!

DIE OU MAN: Martha, kind, jou siel is te vol lewe; verstaan jy dan nie...

MARTHA: Hoe kan ek nie verstaan nie? *('n Kort stilte, op verwytende toon).* Grootvader! Hoe kón Grootvader versuim?

DIE OU MAN: Martha, jy weet nie...

MARTHA: Dan sal ek hulle gaan sê.

DIE OU MAN: Bly 'n oomblikkie hier, kyk na hulle.

MARTHA: Foei, hoe bejammer ek hulle! Ons mag hulle nie langer laat wag nie...

DIE OU MAN: Waarom nie?

MARTHA: Ek weet nie — dis net nie moontlik nie!

DIE OU MAN: Kom hier, Kind!

MARTHA: Kyk hoe geduldig sit hulle!

DIE OU MAN: Kom hier, Kind!

MARTHA *(draai om)*: Waar is Grootvader? Ek voel so ongelukkig, ek kan nie na hulle kyk nie. Ek weet self nie meer wat om te doen nie...

DIE OU MAN: Moenie meer kyk nie — hulle moet eers weet...

MARTHA: Ek kom saam, Grootvader...

DIE OU MAN: Nee, Martha, bly hier. Sit hier langs jou suster, en moenie meer kyk nie. Julle is te jonk, julle sal dié oomblik nooit kan vergeet nie. Julle weet nie hoe 'n gesig verstrak as die Dood in die oë kom nie. Miskien jammer hulle... Moenie omdraai nie. Miskien is daar geen geluid nie. Al is daar geen geluid nie, moenie kyk nie. Mens kan nie sê hoe smart sy koers

sal inslaan nie. 'n Paar snikke uit die dieptes en dis al. Ek weet self nie wat ek sal doen as hulle eers begin nie — hulle is nie van dié lewe nie. Soen my, Kind, vóór ek loop.

(Die preweling van 'n gebed word hoorbaarder. Van die skare betree die tuin. Sagte voetstappe is hoorbaar, en ook 'n gefluister).

DIE VREEMDELING *(Spreek tot die skare):* Bly hierso staan — moenie na die venster gaan nie. Waar is sy?

'N BOER: Wie?

DIE VREEMDELING: Die ander — die draers?

'N BOER: Hulle kom met die tuinpaadjie langs na die voordeur toe.

(DIE OU MAN af. MARTHA en MARIA sit met die rug teen die muur. Onder die skare word saggies gepraat.)

DIE VREEMDELING *(Spreek tot die skare):* Stil! Moenie praat nie.

(In die kamer stap die langste suster na die deur en skuif die slotte toe.)

MARTHA: Maak sy oop?

DIE VREEMDELING: Nee, sy sluit die deur.

('n Pouse.)

MARTHA: Het Grootvader nog nie binnegegaan nie?

DIE VREEMDELING: Nee. Sy het weer langs haar moeder gaan sit. Die ander roer nie, en die kind slaap nog.

('n Pouse.)

MARTHA: Sussie, hou asseblief my hand vas.

MARIA: Martha!

(Hulle omhels en soen mekaar.)

DIE VREEMDELING: Hy't seker geklop — hulle kyk almal tegelyk op — hulle kyk na mekaar.

MARTHA: O tog, Sussie! Wat moet ons doen . . .

(Sy snik op haar suster se skouer).

DIE VREEMDELING: Hy het seker nog 'n slag geklop. Die vader kyk na die klok. Hy staan op . . .

MARTHA: Sussie, ek sal ook moet ingaan — hulle moenie alleen wees nie.

MARIA: Martha! Martha! *(Sy keer haar).*

DIE VREEMDELING: Daar is die vader by die deur — hy maak die slot versigtig oop.

MARTHA: O! Sien hy nie die . . .

DIE VREEMDELING: Die wat?

MARTHA: Die draers . . .

DIE VREEMDELING: Hy het die deur net op 'n skrefie oopgemaak. Hy kan net 'n hoekie van die tuin en die

fontein sien. Hy hou die deurknop vas — Hy tree terug — dit lyk asof hy sê: „O, dis jy!" Hy lig sy arms op. Hy maak weer die deur versigtig toe. Julle Grootvader is nou binne in die vertrek . . .

(Die skare kom nader tot by die venster. Martha en Maria wil half opstaan, staan dan op en loop saam met die ander na die venster toe; hulle loop styf teen mekaar. Die OU MAN stap die vertrek verder binne. Die twee susters staan op; ook die moeder, wat die kind stilletjies neerlê in die gemakstoel waarop sy gesit het, sodat die kind van buite sigbaar is, waar hy in die middel van die vertrek lê en slaap. Die moeder loop na die Ou Man toe, steek haar hand uit, maar trek dit vinnig terug voordat hy dit kan vat. Een van die Susters nooi die Ou Man om te gaan sit, en die ander Suster bied hom 'n stoel aan. Maar die Ou Man se gebaar dui daarop dat hy dit weier. Die Vader het 'n onbegrypende glimlag op sy gelaat. Die Ou Man kyk na die vensters se kant toe.)

DIE VREEMDELING: Hy kan hulle nog nie vertel nie. Hy kyk na ons kant toe.

(Stemme onder die skare.)

DIE VREEMDELING: Stil!

(Die Ou Man wat gesigte by die venster sien, kyk gou weer weg. Terwyl een van die Susters hom nog steeds 'n stoel aanbied, gaan hy uiteindelik sit, en hy vee met sy regterhand 'n paar keer oor sy voorhoof).

DIE VREEMDELING: Hy't gaan sit . . .

(Die ander persone in die vertrek gaan ook sit, terwyl die Vader blykbaar lekker begin praat. Eindelik maak die Ou Man sy mond oop, en dit trek hulle aandag. Maar die Vader val hom in die rede. Die Ou Man begin weer praat, en stadigaan verstyf die ander van angs. Skielik staan die Moeder op).

MARTHA: O! Die moeder begin besef!

(Sy draai haar hoof weg en hou haar gelaat in haar hande. Die Skare begin weer praat. Hulle stoot teen mekaar. Kinders huil en wil opgetel word, om ook te kan sien. Die meeste moeders gee toe aan dié wense).

DIE VREEMDELING: Stil! Hy het hulle nog nie vertel nie . . .

(Die Moeder kan gesien word waar sy die Ou Man angstig uitvra. Hy praat weer 'n paar woorde; dan staan die res op en dit lyk of hulle aan hom vrae stel. Stadig knik hy met sy hoof).

DIE VREEMDELING: Hy't hulle vertel — hy't hulle alles klaar vertel!

STEMME ONDER DIE SKARE: Hy't hulle vertel! Hy't hulle vertel!

DIE VREEMDELING: Ek kan niks hoor nie...

(Die Ou Man staan nou ook op, en sonder om daarnatoe te draai, dui hy die deur aan wat agter hom is. Die Moeder, die Vader en die twee Dogters hardloop na die voordeur, wat die Vader met moeite probeer oopmaak. Die Ou Man probeer die Moeder verhoed om ook na buite te gaan.)

STEMME ONDER DIE SKARE: Hulle kom uit! Hulle kom uit!

(Verwarring onder die skare in die tuin. Almal hardloop na die voorkant van die huis en verdwyn, behalwe die Vreemdeling wat nog by die vensters bly staan. In die vertrek word die voudeure nou wawydoop gemaak; almal beweeg gelyktydig daardeur. Deur die deur kan die sterrehemel gesien word, die grasperk en die fontein in die maanlig; terwyl, in die middel van die vertrek, bly die Kind nog lê en slaap in die gemakstoel. 'n Pouse.)

DIE VREEMDELING: Die kind het nie wakker geword nie!

(Hy gaan ook af).

GORDYN.

Pirow Bekker

TYDSWAELS

'n Koue skemeraand het hul oorval
en koulik soek hul skuiling teen die wal.

Verward-onnosel fladder teen die lug
nog enkeles voor hulle hoër vlug

na waar 'n nessie teen 'n kranslys bol,
'n holte nog met jong voëls vol.

BOSLUISVOËL

Jy suiwer van ons daaglikse bestaan
al wat jou ingesteldheid nie ontgaan:
die bontpoot en die bloedryk
bloue van die rantewyk; —
Sal jy my red as ek eendag aan
hartwater wil beswyk?

A. J. J. Visser

DIE SEWE BASUINE

(Openbaring: 8-11)

I

ALFA

Hul stof het Hy berei en uit Sy hand
het hul Sy beeld gekry en Sy verstand.
Nou stuur Hy miljoene vlamwerpers
om een-derde van alles op die aarde af te brand.

II

MYN

In V-formasie het die heersers hul groepeer
en moes die waters van die aarde trou beheer.
Hul weet nie van die myn wat in die diepsee lê
om vlagskip, kruiser en fregat te torpedeer.

III

FAKKEL

Copernicus en Dalton steek 'n fakkel brand
wat gloeiend in die nageslag se denke land.
Die vlam wat moet helder tekens en simbole maak,
sal lateraan tot as verwaai in ons verstand.

IV

NEONLIG

Die nuwe wraak wat flikker-brand
het by ons smart dié feit kom plant:
Die dood word deur die lig verja,
maar skep 'n nuwe dwingeland.

V

FORTUIN

Die aarde graaf hul hol en sif sy sand
op soek na mineraal en diamant:
Môre as die Midas honger is,
verhandel niemand kos vir sy kontant.

VI

MISKRAAM

Geslagte het in koutjies afgeskort
'n katarak se dieptes ingestort
om uit te sterwe: Nou laat sy in haar
die vrug nie ryp, maar stil vermorsel word.

VII

OMEGA

Ons sal móét moeg tot siek-word raak
voor Hy die gerig teen ons kan staak:
Eers ná donderslae, aardbewings en groot hael
weet ons dat Hy oor Sy aardse koninkryk bly waak.

N. A. Coetzee

MOMENTE

(Nagrit uit Pretoria)

AFSKEID

In die stilte van die nag se rus
die afskeid, 'n traan . . . die kus . . .

DIE STAD

Met die motor deur die stad. Die straat
nou eensaam — so stil — so verlaat!

BEDIENDE, PETROLVULSTASIE

So al wakende moet jy slaap? Die nag
se lang ure voorsien van krag!

VERKOELERTORINGS, KRAGSTASIE

Bo die suile wil die stoom bly hang
. . . soos siele — so traag, so bang . . .

YSKOR-STAALFABRIEK

Uit een skoorsteen 'n oer-aardse gloed
of brand ons mensebloed?

Die blou-pers vlam! Hoe verstyf my hart,
hoe klem die beskawingsmart!

KWAGGASPOORT

In die duister — ek ontvlug die stad,
net twee ligte klief die pad!

VERGETELHEID

Langs die weg staan 'n wilde boom:
is die eeue hier net 'n droom?

NANAG

Sweef ek vér weg, so alleen — 'n gaap —
Jy Hasie verdryf die slaap!

DAGLUMIER

Dis die môregloed — klop 'n nuwe dag!
O velde, o my hart! Ons verwag!

WELKOM VAN DIE OOP VELDE

Pietersielie! Kom jou groet vir my,
Patrysie? . . . Die dag breek vry!!

MYNHOPE AAN DIE RAND

Moet julle dan vir my ook lieflik wees
soos ander berge geil met Seën oortrek?
Gebore uit die dieptes van die mens se vrees:
bring hul geen blomme om die naaktheid te bedek?

Tog, in die aande is julle wit en sag,
met duisend lampies deur die mens gemaak:
dan kom die stille skoonheid van die nag
om oor die kale grafte saam te waak!

„Liedere van Salome"

('N ONTLEDING)

C. HATTINGH

Daar is digbundels wat met hulle verskyning dadelik die aandag trek: Hulle bring 'n duidelik nuwe klank, met taalgebruik en belewenisse wat hulle as eietyds bestempel: Mocke se *Twee Lande* was so 'n werk. Ten spyte van die besondere lirisme wat nog 'n voortsetting was van die liedagtige en melodieuse van die digter se vroeër werk, is belewenis en idioom in *Twee Lande* sober en volks, is die taal konkreet-beeldend en die ervaringe objektief en grens dit soms aan die nugtere. So 'n digbundel word dadelik 'n „verskyning" omdat sy betekenis onmiddellik herkenbaar is: Dit sluit aan by tydgenootlike omstandighede (die grootstadslewe en die naturellefolklore) en dit weerspieël onmiddellik die ondervindinge van 'n geslag lesers. In sy wese, soos in die Ouland-gedigte en die diepe, menslike medelye in die stadspoësie, verrys dit uit ewige gronde, maar sy vorm na buite is duidelik eietyds. Maar 'n werk soos *Liedere van Salome,* Mocke se vorige digbundel, kom uit daardie soort menslike ondervindinge wat van alle tye is, dit hou hom nie besig met aktuele omstandighede nie, dit put sy inspirasie uit die metafisiese bronne wat onder alle tydperke lê en wat meer bepaald deel is van die menslike onderbewuste; dit is 'n bundel wat in enige eeu geskryf kon gewees het en in die beperkte en oppervlakkige betekenis van die woord is dit nie „modern" nie, maar juis om dié rede is dit ook seker dat dit 'n werk is wat nog geniet en waardeer sal word lank nadat die besondere „tydgenootlike" van ons eeu verdwyn het. Hierdie „tydeloosheid" van die ondervindinge wat aan die grondslag van die bundel lê, is dan ook beslis die rede waarom hierdie werk, met die groot aantal pragtige verse wat dit bevat, so kras deur sommige kritici onderskat is: In 'n tyd van „werklikheidspoësie", van 'n sg. „eietydse verskuns", kon baie beoordelaars hierdie gedigte en hulle subtiele metafisiese boodskap eenvoudig nie verstaan nie. Want dit is 'n sterk introspektiewe vers wat Mocke hier skryf en hy peil deur in die beste gedigte na diep wesensgronde. Die innerlike struktuur van die bundel is dan ook wysgerig-metafisies en selfs waar hy die warme sinnelike streling van die liefde tussen man en vrou besing, tas hy agter die aardse vleeslike ervaring na ewige betekenisse. Oral in die

werk is daar die sterk opwaartse drang na vergeesteliking en tegelyk 'n belewing na binne toe, na geestelike wesengronde en oorsprongе . . . " *Liedere van Salome* verteenwoordig, volgens die digter se eie belydenis oor die radio, 'n nuwe tydperk van geluk en vreugde in sy lewe na byna nege jaar van barheid en eensaamheid in die stad. Hy ontmoet vir Salome (die bundel is aan haar opgedra en haar nooiensvan was Olga Esme Els, 'n Bosveldnooi wie se liefde vir die noordelike dele van Suid-Afrika baie bygedra het om die oulandsverse in *Twee Lande* te inspireer). 'n Tydperk van verinnerliking breek aan: In die bitterheid en verganklikheidsvrees wat opklink in *Vlugtige Aandrif* kom nou 'n versagting, eensaamheid en smart kry nou 'n diepere, ligtere keersy. Met verwondering ontdek die digter 'n doel wat hom lank ontwyk het: Die dood mag die einde wees van alles, ook liefde mag sterflik wees. Miskien is dit waar dat daar van die nietige enkeling niks behoue bly nie. Spoorloos en totaal is sy verdwyning en van al sy persoonlike verlangens en ideale, van al die vurige begeertes en die hoop wat soms so sterk in die hart kan opvlam, bly daar niks oor nie. Dit mag selfs waar wees dat ons lewe in wese 'n grusame klug en 'n patetiese verskynsel is, maar die digter luister na die jubeling van 'n nuwe liefde in sy hart en daar hoor hy dinge wat hom moed gee — geheime wat so verruklik is, 'n eenwording so heerlik, dat hy gedwing word om die vraag te vra wat ook Shelley in sy liefdesgedigte stel: Verstaan ons werklik? Weet ons? Of glo ons maar die getuienis van ons kortsigtige verstand? Die blinde wanhoop van ons sintuie? Is daar nie 'n geheime innerlike lewe wat onsterflik is en wat ons nie kan deurpeil nie, net omdat ons te materialisties is?

„O slaap nie meer beminde, want die wonder
waarop jou siel gewag het, is naby,
daarbuite lê 'n vreemde wêreld onder
die maankleed van die nanag uitgesprei.

O ek verstaan vanaand die droewe en blinde
berusting, liefste, op jou stil gelaat,
maar buite klink 'n roepstem op die winde —
'n nuwe glans lê oor die hemelstraat.

Die maanlig het die melkbos in die vleie
met ouer lig as drome aangeraak,
en nêrens en alom het in die wye
maanbloute van die nag die Siel ontwaak.

Want ouer as die bloed se ou verlange
en soeter as die lus van liefde, is
die siel se heugnis aan sy ver-vergange
geheim-geheiligde ontvangenis."

Lank voordat enige vleeslike lewensvorm op aarde bestaan het, was die Al-Geestelikheid daar: Dit is Begin- en Eindeloos, sy ontvangenis — die geboorte van die Siel — lê baie, baie ver terug in die Tyd se verskiet en dit bly geheilig deur geheim en versluier vir ons kortsigtige verstand. Ons moenie die verklaring van die Intuïsie-lewe in ons soek met die Verstand of die Rede nie; met die oë van die Dogma sal ons dit nooit sien nie:

„My haat is nie begryplik nie, vir hulle wat nie weet,
dat siel geen sin kan hê in hulle dwase deugde —
dat sy bestaan het in die vér Voortyd,
deur hul kroniek vergeet,
toe sy enkel was die lyf se wilde angs, enkel sy
vreugde."

Die taal wat die Intuïsie werklik verstaan, is nie die taal van die geleerdes, die dogmatiste, selfs nie die taal van die georganiseerde godsdiens nie. Luister na die heimlike fluistering van bome, die woordelose gesprek van blomme en plante en dan kom jy naby die hart van dinge:

„In die nagte van heimlike vreugde —
met die rooi maan laag by die aarde,
sal jou siel hom wend van hul deugde
en, bewus van sy ewiger waarde,
in die woordelose taal van die bome
en die klanklose lied van die wind,
al sy oudste en dierbaarste drome
en sy soetste verlange weer vind."

Die hart, ewig-honger na geluk en teerheid, kan nooit tevrede wees met die holle vertoon van die sosiale lewe nie, hy walg van mense se valsheid, hulle strewe na 'n dooie deugsaamheid, hulle kleinlike onderkruipery van mekaar: Werklike blydskap en selfvergetelheid vind ons alleen in die heimlike eenwees met die beminde: So sing Salome dit uit in haar pragtige mistieke eerste lied: Suf en sat van die praal en leë vertoon van Herodes se paleis, sien sy vir die eerste keer die vreemde persoon van die Doper voor haar staan en sy ontdek terstond die geheimsinnige land van haar eie siel:

„Willoos om te ontkom aan hulle, aan die klein
vlei-woord wat seermaak en die slim venyn
wat soos 'n angel in hul vriendskap skuil —
die ophaal van 'n skouer en die fyn-
berekende voorgewendheid — die skyn
waarmee hul wie hul liefhet, ondermyn
het ek Jou op die drumpel sien verskyn.
Siel het sy onmag afgeskud en opgestaan
en trots en bly jou tegemoetgegaan.

Jy het aan my die wil teruggebring
om my geluk, my hoop, weer uit te sing.
En nie uit vrees vir hulle spot en waan
met my verwarde swye sku te gaan
en voel die blinde aandrif van my lied —
die sterke hoop — die eerlike verdriet.

'n Nuwe en ongedroomde daeraadstilte,
'n someroggend koel van dou en wind,
die morester bo dagbreek-donker bulte:
'n Wonderwêreld waarin Siel kon vind
die vrede, véraf-ligtend, uit die wye
diep nag van eie eensaamheid en lye."

Hierdie aanvoeling van 'n geheime „ander lewe" wat onder die daaglikse dinge verskuil is, kom in baie van die gedigte na vore: Dinge is nie soos ons hulle sien nie, die nyd en bitterheid van ons uiterlike bestaan, is maar sinsbedrog: Die Waarheid lê binne-in ons wese, soos 'n „nuwe en ongedroomde daeraadstilte". Die wat die liefde gevind het, ontdek daardie wêreld en hulle wandel soos geseëndes tussen die mense:

„Is dit die dinge, ewig' onverklaar,
wat aan ons hart sy herkoms openbaar
van Skoonheid, vér, só vér en tog naby?
Ons weet ons het dit iewers, eens, aanskou,
in die groot nag waar eeue skuilte hou
en eensdeurleefde lewenswondere bly."

En:

„In díe leë woorde wat hulle praat,
in die daaglikse, vergeefse daad,
sal jy vrede vind?
In die ure se lange veiligheid
sal jou siel nog luister, onbevryd
na die somerwind?

Sal jy vrede vind,
in die trou wat jy aan hulle moet sweer
vir die sekerheid wat jou hart begeer,
as jy, bang vir sy blinde roekeloosheid
uitroep na hulle veiligheid?

Sal jy vrede vind,
in die later somernagte, wanneer,
jou siel van die daad se leegheid keer
na die volheid van jou droom en blind
jou hande myne vind?"

Maar ons vind daardie beloofde land van die siel eers na lange lyding wat ons innerlik verskeur. Soos Kaïn die kenteken van uitgeworpenheid dra, so dra ook Salome — die Al-Vrou — die brandmerk van haar innerlike gespletenheid, van die stryd tussen suiwere Godsverlange en die donkere liggaamsgebondenheid: Soos elke vrou, skreeu sy in haar seilsverskeurdheid dit uit aan God, en vra sy wat die doel kan wees van sulke lyding:

„Was ek U uitverkorene
dat U my so kasty,
om eens, as weergeborene,
U weë te bely,
dat U deur hierdie wrange
selfvernedering, my
uit my verlore en bange
allenigheid sou lei
na daardie hoë en blye
oorwinning oor die vrees,
waar ek u enige, vrye
geroepene sou wees?

Of was ek die vervloekte
deur U, O God, verstoot,
wat sonder uitkoms swerwe
met, deur U hand ontbloot,
die Merk wat haar onterwe:
‚Jy sal die rus moet derwe
maar steeds die rus begeer
en angs hê vir die dood,
tog, in jou vreemde nood,
nog hunker om te sterwe,
en, smagtend na die lewe,
die lewe steeds verstoot!"

En uiteindelik breek ook hierdie teer en innige geluk teen die skerp snykante van die werklikheid: Salome kan die Doper nooit besit nie, want hy is van 'n ander wêreld as sy — Hy is die Soeker na die Geestelike Waarheid, sy die soekster na liggaamlike vervulling. Deur sy vernietiging te eis, vernietig sy in haarself die nuwe droom wat hy aan haar gebring het: En daarmee sterwe ook haar siel. Haar slotsang „Najaarsreën", waarin die ontnugterde se diep verlange na dood en selfvergetelheid tot uiting kom, is een van die suiwerste en pragtigste stemmingsverse in ons jonger letterkunde:

Wit is die nag van najaarsreën,
mistig die vér valleie,
sag ruis die druppels die ruite teen,
sag is die tyd se verglye.
Slaap nou, my hart, na jou lye,
na jou ydel, vergeefse geween —
Vergetelheid roep uit die wye
versluierde nag met sy reën.
Gaan in, my hart, tot die blye
versekerde rus wat jou wag,
daar, waar oor koel droomvalleie,
wink 'n oneindiger nag.
Hart wat moes wag en wag
lank en vergeefs jou verbeie —
rustig en koel is die nag
wat jou wink na sy verre valleie.

Hart wat moes wag en ween
alle geluk en lye
wyk soos die najaarsreën,
alle verlange en strye
vlug soos die herfsnag heen:
Vergetelheid roep uit die wye
versluierde nag met sy reën.

Liedere van Salome is seker een van die min digbundels in Afrikaans waarin 'n hartstogtelike belangstelling in die Westerse Sielkunde en Wysbegeerte en die geheimsinnige Oosterse Yoga tot uiting kom. Albei hierdie stelsels wil die menslike sielewese verklaar en die digter gebruik hulle as uitgangspunte in sy innerlike ontdekkingstogte. Baie van die „Liedere" in die eerste deel het hulle eienaardige bekoring te danke aan die Oosterse Mistisisme: Die sinbeeld van die volkome geluk is die Nirwana, daardie geestelike toestand van diepe, selflose vreugde waar volle tevredenheid gevind word in die „Ek Is" — die toestand

waarin die Self volkome uitgestort is in die Al: Alle spanning en verdriet is uitgewoed, die aardse neurotiese self is afgelê, die aparte wese is opgelos in die Een. So klink dit in die ontroerde reeks gebede van die Sterwende Soldaat: „Voordat God die wonderwoord: Laat daar Lewe wees!" gespreek het, het hierdie toestand van Nirwana bestaan en was die eenling-siel 'n deel daarvan):

„Ek was een met die Al-Beminde
in die spel van die waters en winde,
gedagteloos-bly,
voor God's Gees oor die afgrond getrek het
en die Kokon, Tyd, verwek het,
was ek tydeloos-vry."

Die beeld van hierdie daadlose en gedagtelose Voorbestaan kom ook in die volgende gedig op:

„Uit daardie slaap wat ouer is
en dieper as die dood,
uit daardie Al-Geheimenis
se oewerlose skoot —
het jy my siel gelok en in
'n vlam van blinde vuur —
het ek my selfloosheid oorwin
Tot wese uitgepuur.

„O watter mag het jy besit
wat ek nie kon weerstaan,
om uit my wesenlose, wit
geheiligde bestaan,
in hierdie harde lig te tree
en in my angs te voel,
hoe, soos 'n strandgebonde see,
die Tyd se branders spoel?"

En in die volgende:

„Want nooit was hy so naby
aan die herkentenis
van die Self in ons wat bly:
alles wat eensaam was, was een,
alles gebonde, vry,
alle stilte het sang geword
en alles wat ween en ly
het die vrede gevind wat skuil in pyn,
die hoop wat in droefheid bly."

In die tweede laaste gebed kom dit tot volvoering: In die Christus-beeld — die hoë onpersoonlike Bestaan-in-die-

Waarheid — lê die enigste oplossing vir die mens: Hulle wat te hartstogtelik die aardse dinge bemin, wat te diep hunker na die aardse vreugdes, sal nooit bevry word nie: Eers moet die Self geskruisig word en dan kom in die siel die Identifikasie met die Ewige: Dan sien ons hierdie felle, bittere bestaan op aarde as 'n klein en nietige onderdeel van 'n ewige proses; ons lê hierdie lewe af, verwerp die belonings wat hy ons aanbied, en ons word vry: So ontwaak in ons die Goddelike: Hoog verhewe bo die heerlikhede van die vlees, bo rykdom en roem, kom ons in die polsing van ewige vreugde: Uit die dood van die aardse „Ek" word in ons gebore die Christus-Self; dan, wanneer ons die koninkryk-in-onsself gevind het, word die lewe ons slaaf in plaas van ons meester. Al wat hy het, bied hy ons aan, maar wie daardie hoë en onpersoonlike waarheid ontdek het, begeer niks meer van die lewe nie:

„Wie jou die meeste liefhet, word kasty
met dubbel slae, maar wie jou oorwin
en onderwerp het aan sy siel se wil, is vry:
met slaafse liefde sal jy hom bemin.
Hy vra geen guns van jou en wat jy bied:
die vreugde van die vlees, wat ons beny,
die heerlike ontroering van die lied:
Jou Skoonheid wat die somber hart verbly,
haar ou geheim wat lonk uit die verskiet,
of met die sterre deur die nagte skry,
die loon vir arbeid en die roem verwerf
deur magtige dade of gedagtes, of die kroon
waarmee jy dié wat magtig is, beloon,
die vrede wat jy gun aan dié wat sterf —
wie jou oorwin het, het dit nie van node . . ."

Ten slotte kom die Nirwana-beeld helder tot gestalte in die himne *Verwantskap* (Drs. Luiting sien tereg in hierdie gedig die invloed van die Bybelse psalms):

„ . . . In die vér gewink
van waterspieëlings oor die duine, in
die veraf bloutes waar die nag begin,
die morester se vrede, droom-verloor
die koel, diep dreuning van die weer, gehoor
uit vertes waar 'n eensaam nagwolk dryf
was tekens van U ewige verblyf . . ."

Hierdie tasting na die geestelike wesensgrond van dinge is die sleutel waarmee die ryk skoonheid van hierdie werk ontsluit moet word. Salome soek vervulling in die liggaam-

like lewe en in die mistieke wêreld van die sintuie en die instinkte. Sy vrees en haat die vir haar onbekende wêreld van die Geestelikheid waarin die Doper bestaan. Maar in Johannes se strewe na God lê verlossing. Omdat sy te aardsgebonde is om na hoër sfere uit te styg, is haar vernietiging onafwendbaar. So hoor ons haar sing en is die polariteit nie in elke vrou en elke mens nie? — aan die een kant van die soete, bedwelmende genot van die vlees en daarenteen, met diep onrus en angs, van die hoër etiese lewe, van die geheimsinnige sielelewe wat die Doper in haar wakker gemaak het: En ten slotte lê die universele simbolisme hierin, dat die vrou angsvallig probeer om die man — die onrustige soeker na waarheid en wysheid — aan haar vas te bind met die bande van haar liggaam:

„Waak my lief, want hul deug is 'n fyne
lafhartige spel van bedrog —
uit 'n eerlose angs én 'n kleine
haat vir die waarheid gewrog . . .
Nooit sal hul gebed of gesange
in jou siel hierdie aanklank kan vind,
van die trotse en troue verlange
wat my liggaam met joune verbind.
En nooit sal hul kennis of rede
of die deugde wat hulle besing,
aan jou hart hierdie heilige vrede
van my hande se aanraking bring."

Dit is poësie waarin die fisiese en emosionele verrukking van liefde verheerlik word, maar dit delf dieper deur na die tragiese gespletenheid in elke menslike hart — 'n gespletenheid so diep dat selfs die liefde dit nie kan genees nie al bring dit tydelike verlossing. In dié lig gesien en ook om die diepe opregtheid van die belewing, die sterk en suiwer aksent wat die gevoel in baie van die gedigte kry, hulle teerheid en mistieke innigheid, die gloeiende warmte en eerlikheid van die taal en bowe-al, die diep inreikinge van die digter se intuïsie in die verborgenhede van die siel — word *Liedere van Salome* een van die beste liefdes- en metafisiese bundels poësie in Afrikaans: 'n Werk wat nog deur ons kritiek ontdek moet word — soos dikwels gebeur met werklik betekenisvolle dinge in die digkuns.

(Liedere van Salome en Ander Gedigte, deur S. Ignatius Mocke is in 1949 uitgegee deur die Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg.)

Gerhart Hauptmann

(Tien jaar na sy dood)

WALTER G. HESSE

Op die 6de Junie sal dit tien jaar wees dat Gerhart Hauptmann, die tweede Duitse Nobelpryswenner (1912), op die geboortedag van die derde, Thomas Mann, op sy klein landgoed in Agnetendorf gesterwe het, waar hy meer as vyftig jaar gewoon en die oorlog en Russiese verowering oorleef het. Ten spyte van verblyf in baie ander stede van die Duitse Ryk, en baie reise, het hy die kind van sy geliefde Silesiese vaderland gebly; al het hulle hom ook met seremonies op sy somer-landgoed op Hiddensee aan die Ossee begrawe, sy lewe is dáár afgerond, waar hy net 'n paar myl van Agnetendorf as kleinseun van 'n wewer en seun van 'n herbergeienaar op die 15de November 1862 in die wêreld gekom het.

Ten spyte van die groot aantal en die ongelykheid van sy werke, ten spyte van die baie weë en afwykings van sy kunstenaarsloopbaan, kan ons nou reeds (en sedert 'n geruime tyd) sien dat ook sy werk tog in sy geheel 'n groot, afgeronde eenheid vorm. Nog steeds is nie al die baie werke van sy laaste jare uitgegee nie, jare van 'n arbeidswoede wat hom in staat gestel het om die lydinge van die oorlogstyd te sublimeer; die versamelde uitgawe wat hy nog self in 1942 begin het en wat nou reeds 20 bande oorskry, sal nog aangevul word met wat hy destyds moes geheim hou. Maar wat ook al nog aan enkele verrassings mag kom, dit staan vas dat hy, naas die romanskrywer Mann en die liriese digter Hesse, die plek inneem van die belangrikste dramaturg wat hierdie eeu tot dusver in Duitsland voortgebring het.

Dit geskied nie dikwels in Duitsland dat daar 'n ware en waardevolle dramatiese talent sy verskyning maak nie. Nie tevergeefs spreek dié volk van hulself as een van denkers en digters nie; hulle kuns neig meer tot filosofie en liriek. Hauptmann beeld die buitengewone geval uit waar die spanning tussen idee en wêreld nie in prosa of vers nie, maar in die dialoog uitgedruk word. Hauptmann was beslis geen denker nie; sy essays is in omvang en gehalte eerder minderwaardig. En hy was ook geen liriese

digter nie; sy rym is kinderagtig, wat net vir 'n volkslied pas en daar sekerlik roerende tone kan vind, maar wat in visioene dikwels stotter. Maar hy was 'n dramaturg wat nie van homself nie maar van die mense moes spreek, wat die lyding en die hoop van die mensdom in hulle handelinge kon uitbeeld.

'n Dramaturg, heeltemal oorgegee aan die gevoel, die ervaring, die inspirasie, deur sy natuur tot die drama bestem. Wat Lessing deur middel van deurdagte kritiek gedoen het, 'n voorbeeld vir sy oortuigings, dit het Hauptmann in die dramatiese uitbeelding gedoen. Hy het geen kritiek uitgeoefen nie — nòg op homself of sy werk, nòg op die foute en swakhede van die mensdom. Hy neem alle invloede aan, verwerk alle letterkundige stromings, Naturalisme, Impressionisme, Neo-Romantiek. En alhoewel hy altyd menslike lyding uitbeeld, wil hy nòg die wêreld verbeter, nòg satiries wees, en die menslike lyding is nie net dié van sosiale en tydelike omstandighede nie, maar die groot lyding van mens-wees, wat hom des te meer oorwelding daar hy geen patent-oplossing ken of soek nie.

'n Mens hoef sy werk net met Shaw te vergelyk, wat vyf jaar ouer was. Shaw skryf met die verstand; en die verstand wil verander, verbeter en omvergooi wat hy vir vals leer ken het — alles wat verander kan word. Shaw skryf lang, verklarende inleidings, en sy persone is tipes van maatskaplike toestande. Hauptmann skrywe met sy hart, en sy persone en massas is sy vriende, en as dit ook soms aan groepering en spannende lyne ontbreek, sy mense praat nie net nie, hulle skree ook.

Of 'n mens vergelyk hom met Ibsen wat hom so sterk in sy eerste jare beïnvloed het. Sekerlik deel hy met hom die gawe van juiste tekening, maar hy kla nie die maatskappy aan nie, liewer oor en saam met al die armes wat nie net deur ander mense onderdruk word nie, maar ook omdat hulle moet lewe. Dit is nie hulle bestaan nie, maar hulle lewe waarmee hy medelye het. En tog is Hauptmann nòg dekadent nòg nihilisties. Hy is nie net 'n kind van die lydende natuur nie, maar ook van die vrolike. Sy godsdiens is meer tot hierdie wêreld beperk, sy werk vol sinnevreugde. Hier is sy wêreld, en hierdie wêreld het dieselfde grootse skoonheid as afskuwelikheid. Met dieselfde weerstandskrag waarmee die digter alle invloede sonder innerlike skade assimileer, stel hy sonder swaarmoedigheid en selfverloëning die simpatie met die vreugde van hierdie lewe gelyk, en hy neem op 'n natuurlike wyse die grandiose onverskilligheid van die natuur teenoor goed en sleg in sy

werk op. Sy taak is die meegevoel met alles wat bestaan, en die oorwinning van dit alles in sy plastiese kunswerk. Hy het eintlik altyd die herbergier se seun gebly, wat in die eerste plek die armoede en die dranksug van sy wewers deurleef, maar tog aan die ander kant van die toonbank bly staan het.

Ons het hier nie eens die ruimte om sy werk in breë trekke te waardeer en sy ontwikkeling van die eerste naturalistiese tot by die latere romantiese toneelstukke te volg nie, laat staan nog die aansienlike roman *Der Narr in Christo Emanuel Quint* (1910), waarin hy die ondervindinge behandel wat Christus sou hê as hy vandag na ons moes terugkom; of die grootse novelle *Der Ketzer von Soana* (1918), waarin hy die lewe van 'n priesterlike askeet beskryf, die verandering tot 'n mens wat met hartstog vervul is. Te veel wat blywende waarde het, moet uitgelaat word, en nie eens die bespreking van die voortdurend veranderende tegniese middels kan in so min woorde ingekrimp word nie. Totdat, miskien by geleentheid van sy honderdste geboortedag, die moontlikheid van 'n breedvoerige analise van sy werk ontstaan, kan hier net aan die karakters herinner word wat die hoogtepunte in sy loopbaan uitmaak, karakters wat vir elkeen wat hulle op die verhoog gesien het, lewende mense geword het.

Daar is, byna nog aan die begin, in 1892, die ou Hilse in die drama *Die Weber,* die uitbeelding van die Silesiese arbeidersopstand van 1844, wat Hauptmann vir altyd beroemd gemaak het, en waarin nie eintlik die individu nie, maar die massa held en offerande is in hulle opstand teen honger en werkloosheid, teen masjiene en ondernemer. En tog spreek Hilse ons aan, godsdienstig, toegeneë, onderworpe, as hy sê dat eers op die nooit-nooit-dag alles beter sal word, want hy stel teenoor die uitdrukkinglose, net handelende massa die gees en die oorweging.

Dan is daar, net 'n jaar later, die moeder Wolffen van die dief-blyspel *Der Biberpelz,* wat haar net op haar geestigheid verlaat en haarself in 'n maatskappy wat bedrieg wil word aan haar rykdomme help, daar sy met haar „Hühneraugen" meer kan sien as die regter met sy glasoog. Daar is die kostelike selfuitbeelding, weer een jaar later, in *Kollege Crampton,* die skets van 'n dranksugtige, deur die akademie weggejaagde kunstenaar, vir wie die lewe tog nog in die gestalte van 'n ryk skolier help. En dan is daar *Kuhrmann Hentschel* (1898), wat met sy diensmeisie trou, nieteenstaande die belofte wat hy sy eerste vrou voor haar afsterwe gegee het nie; en wat dan so onder die

gemene, skaamtelose vroumens verval dat hy tot selfmoord gedrywe word.

Daar is die tragiese vrouegestaltes, die kind *Hannele* (1892), wat, deur haar beskonke vader mishandel, in koorsagtigheid droom dat sy in die hemel vaar, en aan wie die engele verskyn wat vir die ander mense in die herberg onsigbaar bly; *Rose Bernd* (1903), 'n teenstuk van Hentschel, die diensmeisie wat 'n kindermoordenares word; en die moeder John in *Die Ratten,* die simbool van 'n geselskap wat op die oorlog afstuur en soos rotte in die groot huurhuis lewe (1911). En daar is nog die karakters uit die historiese en droom-stukke van die later jare.

Hauptmann was 'n romantiese skrywer wat hom van die middele van die Naturaliste, die vervelige weergawe van die daaglikse oomblik, bedien het, wat egter aan hierdie oomblik die metafisiese vraag na die ewigheid gestel en in die weergawe van die oppervlakkigheid die sin van die inhoud gesoek het. Sy medelye was dié van sy nar Quint, 'n christelike, verontskuldigde en begrepe meegevoel; sy lewensvreugde was een van besielde dronkheid en deelname aan die baie heildronke van die oomblik van ons bestaan, en Hauptmann het sy besieling sowel as sy ontnugtering. Thomas Mann het dit met bewondering in sy toespraak by geleentheid van die herdenking van die 90ste geboortedag van sy vriend uitgedruk:

> ,,Feestelikheid, sê ek, was òm hom, òm daardie mens van louter waardigheid, wat heeltemal sy werk toegewyd was, wat alle teenstrydige kragte in homself tot die diens van vorming gebonde gehou en tot ‚festivitas' verhef het. Hy was lief vir daardie woord, ek het dit dikwels van hom gehoor. Van feeste van die jaar, van kalenderfeeste het hy nie baie gehou nie. Vir die digter, het hy gesê, was elke dag 'n feesdag — wat sentimenteel en bombasties in elke ander mond mag klink. Op die lippe van die droomgeplaagde, die gepynigde Dionisiër, was dit 'n groot woord. En vir sy Duitsland, waaraan hy gehang het soos 'n seun aan sy moeder, wat hy lief gehad het tot in sy duistere dwaling, vir sy Duitsland sal die werk wat hy daaraan geskenk het, 'n hoë festivitas bly — altyd."

D. F. Malherbe

TONEEL UIT GOETHE SE FAUST

AAND

(Netjiese klein kamertjie)

MARGARETE (versorg die haarvlegsels):
Die heer vandag kan 'k nie vergeet;
wie hy was, sou'k so graag wil weet.
Hy het reg eerbaar voorgekom,
lyk uit 'n goeie huis te kom;
dit kon ek op sy voorhoof lees,
sou anders minder voorbarig wees.

(Uit)

MEPHISTOPHELES. FAUST.

MEPHISTO:
Gaan binne, tree hier saggies in.
FAUST (na weinig stilswye):
Laat my tog asseblief alleen.
MEPHISTO (rondblikkend):
So opgesteld is daar maar min.

(Uit)

FAUST (kyk rond):
Wees welkom, soete skemerskyn,
wat hierdie heiligdom deurweef!
Neem in besit my hart, soet liefdespyn,
wat smagtend van die hoop se doudrup leef!
Hier waar die gees van stilte alom,
van orde en tevredenheid;
in hierdie armoed, o hoe ryk,
in hierdie engte wat 'n saligheid!

(Gaan sit op leerstoel naas bed)
O, neem my ook, jy het die voortyd al
by vreug en smart met ope arms ontvang!
Hoe dikwels het van voorgeslagte al
'n skaar van kinders hier rondom gehang!
My skatlief het hier dalk met ronde wang,
in dank vir Christusbeeld, grootvaarse hand
vermaer, gesoen, van vreugde stom.
O meisiekind, ek speur jou gees
van orde en volheid hier rondom,
wat moederlik jou aldag leer en lei
om oor die tafelblad die kleed net oop te sprei,
en kunstig oor die vloer die sand te sprei.
O liewe hand, gode-gelyk,
die huisie word deur jou 'n hemelryk.
En hier!

(Hy lig 'n bedgordyn op)
My gryp 'n saal'ge huiwering!
Gee my hier ure innig-vroom.
Natuur! Jy 't in ligte droom
'n engel heerlik voortgebring.

Hier het die kind gelê, het warrem lewe
bewerk die tere liggaamsbou,
en met 'n heilige-rein gewewe
die godebeeld hom hier ontvou.

En jy? Hoe kom jy hier te staan?
Ek is so innig aangedaan.
Wat maak jy hier? Hoe word jou hart so seer?
Armsalige Faust! Ek ken jou glad nie meer.

Word ek van towerlug verruk?
Wou net geniet — die drang in my;
ek raak verlore in liefdesmymery!
Is ons dan speelgoed van die atmosfeer se druk?

En as sy op die oomblik kom,
wat vir my wandaad gee as boete?
Die grote Hans (hoe tog so klein!)
sou opgelos lê aan haar voete.

MEPHISTO (op):
Maak gou, ek sien, sy kom al aan.

FAUST:
Loop weg! Ek roer nie hiervandaan.

MEPHISTO:
Hier is 'n kissie amper skraal,
ek het dit elders gou gaan haal.
Sit dit mooi in die kas in weg;
gewis, sy word daarvan half mal;
ek het blink goed daarin geleg
om 'n ander hart daarmee te streel.
Hulle bly maar kind om mee te speel.

FAUST:
Ek weet nie, moet ek?

MEPHISTO:
Vra nog! fraai!
Wil jy dalk vir jouself die skat bewaar?
Dan raai'k jou vol wellustigheid
om my die skone dag se tyd
en verder moeite tog te spaar.

Ek hoop nie dat jy suinig is!
Ek word nou dom, gee diens gewis —

(Hy sit kissie in die kas en druk slot weer toe)

Vort nou! En soos die wind!
Vir jou dit alles om die liewe kind
na hartewens en wil te lei,
en tog lyk jy
soos een wat na 'n les-uur gaan
asof hul lyflik voor jou staan,
die fisika en metafisika!
Vort nou!

(Albei uit)

(MARGARETE MET LAMP)

MARGARETE:

Dis so bedompig hier en swoel.
(Maak venster oop)
Nie drukkend buite, niks gevoel.
Wat tog, wat is dit nou met my!
As moeder tog net huis toe kom.
'n Bang gevoel kruip in my om;
ek is so dwaas en bang daarby!

(Sy begin te sing terwyl sy haar ontklee)

Daar was 'n koning in Thule,
trou tot die end was hy;
hy het van sy sterwende bywyf
'n goue beker gekry,

sy hoogste skat waaruit
hy by elke fuif moet drink:
sy oë swem in trane
wanneer hy daaruit drink.

En toe hy kom te sterwe
deel hy sy stede uit
gul aan sy erfgenaam,
maar die beker hou hy uit.

Toe sit hy by koningsmaaltyd
in die burg by die see berei,
in die saal van ou geslagte,
met die ridders rondom hy.

Daar staan toe die oue drinker,
drink laaste lewensgloed
en gooi die heil'ge beker
na onder in die vloed.

Hy sien dit val en drink,
diep in die see in sink;
hy het sy oë gesluit,
nooit weer 'n druppel gedrink.

(Sy maak die kas oop om haar klere weg te sit en sien die juweelkissie)

Hoe het die mooi klein kissie hier gekom?
Die kas was toegesluit — ek is verstom.
Dit is tog wondermooi! Wat kan tog daarin wees?
Miskien het iemand dit gelaat as pand,
en moeder 't dalk geld uitgeleen daarvoor.
'n Sleuteltjie hang aan die band;
ek dink ek sluit dit tog maar oop, so waar!
Wat is dit? Hemel wat! Kyk daar:
my lewe lank nog nooit so iets gesien!
Juweel! 'n Edelvrou kan dit
op hoogste feesdag dra en pronk.
Hoe sou die ketting aan my sit?
Wie syne kan die heerlikheid tog wees?

(Sy sit dit aan en gaan voor spieël)

Kon tog die oorringe myne wees!
'n Mens lyk somar anders, — rykste goed!
Wat help jul skoonheid, jonge bloed?
Dit is wel alles mooi en goed,
alleen, soos jul is, moet jul bly;
hul prys jul half met medely.
Na goud verlang,
aan goud hang
tog alles. Ag, ons moet maar armes bly!

Boekbespreking

DIE AFRIKAANSE WOORDEBOEK, D1. II, D-F. (Staatsdrukker, 1955.)

Ons behoort aan 'n geslag Afrikaners wat een van die belangwekkendste tydperke in die geskiedenis van 'n taal meemaak wat sprekers van enige taal maar kan meemaak, naamlik die tydperk van oorgang van spreektaal tot algemene kultuurtaal wat aangewend word op alle stoflike en geestelike terreine van die volk se lewe.

Miskien besef ons nie altyd helder en voldoende watter verwikkelinge plaasvind in sulke omstandighede nie. In die een geval, waar 'n taal hoofsaaklik spreektaal is en middel by die ongevormde omgang, is die taal 'n eenheid en daar is weinig spore van gespesialiseerde beroeps- of vakwoorde wat die besit is van slegs afgesonderde groepe van die volk. Die groep self toon weinig tekens van spesialisering. Nou is die Afrikaanse gemeenskap al sedert lankal nie meer so'n enkel- en eenvoudige groep nie, maar sommer nou die dag nog het ons Nederlands en

Engels gebruik op allerlei terreine van ons volkslewe en nie Afrikaans nie.

Die landswet het toe neergelê dat Afrikaans 'n gelykwaardige landstaal is en dat dit derhalwe op allerlei gebiede van die staatslewe aangewend moet word. Daarby het ontwikkelinge op die gebied van wetenskap, tegniek en handel meegebring dat Afrikaans ook dáár in toenemende mate aangewend word. So'n snelle ontwikkeling in die gebruiksfeer van Afrikaans het meegebring 'n oordrewe vertaalbedrywigheid in die aanvangstydperk, so erg dat 'n mens gedink het dat Afrikaans 'n kunsmatige vertaaltaal is. Baie amptelike stukke wat so vertaal is, is dan ook net maar vertaal om te voldoen aan die voorskrifte van die wet. Een gevolg daarvan was taalskepping — soms erg kunsmatig — teen 'n hoë tempo, met die gevolg dat 'n verbasende rykheid aan terme ontstaan het, maar ook verwildering omdat daar veelal 'n gebrek was aan eenvormigheid — standaardisasie. In daardie tydperk was sowat elke Afrikaanse taalonderwyser ook vertaler!

Intussen het Afrikaanse vakmanne orals hulle taal begin gebruik as medium om hulle vak mee te bedryf. Toe word Afrikaans meteens 'n lewende vaktaal en nie meer 'n kunsmatige papier- of vertaaltaal nie. En die ou soort vertalers ontdek meteens dat hulle nie meer kon vertaal nie, bloot omdat hulle nie die vak ken nie!

M.a.w. die omgangstaal en die verskillende beroepstale in Afrikaans het geskei geraak en taalskepping op die verskillende terreine het nou dood natuurlik die taak geword van die vakmanne in daardie arbeidsveld. En so moet dit wees.

Na buite wek dit dan die indruk dat Afrikaans skielik groot hoeveelhede vakkundige uitdrukkings ryker geword het, so seer dat minder vriendelikes en minder kundiges steen en been kla dat Afrikaans van vandag nie die taal is wat hulle 25 jaar gelede op skool geleer het nie! Inderdaad is dit so, maar 'n mens moet dit in sy juiste perspektief sien om dit te kan waardeer en nie te veroordeel nie.

Hierdie gedagtes kom onwillekeurig by 'n mens op as jy aandagtig die tweede deel (letters D-F) van die Afrikaanse Woordeboek deurlees. Op elke bladsy maak jy kennis met die gespesialiseerde vakwoord wat vir jou as leek 'n volslae nuwe woord is. En dan is jy dankbaar indagtig dat die redaksie, onder leiding van dr. P. C. Schoonees, bygestaan word deur 'n groot aantal vakmanne op alle gebiede van die volksbestaan en bedrywigheid! Daarnaas het jy nog die egte, sappige volkswoord wat nog gebruik word of wat reeds aan die verdwyn is. Tesame gee dit 'n innige beeld van die Afrikaanse taallewe soos dit vandag bestaan, en vir ons van die ouer geslag, wat dikwels bevange was met die vrees vir ondergang en wat dikwels die smadelike teregwysing van die ontoereikendheid van ons taal moes verduur, is dit 'n sielsbevrediging om te ervaar dat al die ou dinge besig is om te verander, dat dié dinge waaraan ons so diep geglo het, in ons tyd aan die verwesenlik is.

Ons beleef dat Afrikaans verlos word uit sy bande van maatskaplike dialek te wees, en ons ervaar daagliks meer dat ons taal

'n volledige geestelike instrument word.

Daarom is Die Afrikaanse Woordeboek vir my een van die boeiendste leesboeke.

ABEL COETZEE

* * *

ESSAYS UIT VERSAMELDE WERKE, LANGENHOVEN. (Nasionale Boekhandel, 1955.)

Langenhoven as skrywer was verteer deur 'n ywer om sy volksgenote aan die lees te kry, en om dit te bewerkstellig het hy self lewelank aan die skryf gebly.

Onder sy tydgenote het veral hy die kuns verstaan om deur middel van erns en luim, kwinkslag en paradoks, puntigheid en parabel sy lesers se aandag vas te gryp, hulle enduit te boei, en hulle te laat verlang na nog meer.

Sy groot gewildheid as skrywer moet ons sekerlik gaan soek in die vonkeling van sy gees, die egtheid van sy menslikheid, die grenseloosheid van sy liefde vir sy land, sy volk en sy taal. Maar 'n groot gedeelte van sy gewildheid moet onteenseglik teruggevoer word na die gehalte van sy taal. Hy het naamlik 'n gevormde omgangstaal as skryftaal gebruik en dit het hy hanteer soos 'n soepel instrument om die vlugge wendinge van sy gees te vertolk. Hy het met sy lesers gepraat, regstreeks van hart tot hart, in 'n taal wat hulle kon verstaan en wat hy soepel help maak het en gevorm het tot skoonheid.

Na sy dood is sy werke beskikbaar gestel in die vorm van VERSAMELWERK — 'n praguitgawe om mee te spog. My ervaring is egter dat die mense al minder in hulle mooi stelle versamelwerke gaan lees het, met die gevolg dat Langenhoven minder bekend geword het. Enersyds is dit te betreur — om die lenigheid van sy styl en die vormende invloed wat dit ten goede op sy lesers kon uitoefen. Andersyds is dit miskien te verwelkom, want pas nou kry ons die geleentheid om die blywende gedeelte van sy werk na waarde te skat.

Dis egter te verwelkom dat daar nou 'n bundel ESSAYS uit sy VERSAMELWERK gehaal is — sy dit dan hoofsaaklik met die oog op skoolgebruik. Het die tyd nie aangebreek om 'n stewige *bloem*-lesing uit sy werk die lig te laat sien nie — en nie met die oog op skoolgebruik nie? Langenhoven het vol gestaan in die kulturele en politieke stryd van sy dae en dit is voorwaar onnodig om sy politieke opvattinge te probeer wegwerk uit sy skryfwerk — daarmee word 'n ondiens aan Langenhoven bewys, skoolgebruik of te nie.

Die keurder van die bundel, L. C. Bruwer, het sy taak goed verrig, en sy essay oor Langenhoven as Essayis sal veel bydra om Sagmoedige Neelsie nader aan die leser te bring. Dit is egter vreemd dat sy naam nie op die titelblad verskyn nie.

A. J. COETZEE

* * *

BOEKIES VIR VOORLIGTING (H.A.U.M. Kaapstad/Pretoria.)

Die boekie *Swangerskap en Geboorte* bevat baie praktiese en nuttige wenke vir die verwagtende moeder. Dr. de la Maine verduidelik hier die volledige proses vanaf die bevrugting tot by die volledige ontwikkeling en uiteindelik die geboorte van die fetus. Verder behandel hy ook oefeninge wat spesiaal ontwerp is om gedurende die swangerskap uit te voer. Hy skryf oor die verskil-

lende stadia van die bevalling en ook oor die geestesgesteldheid van die vrou gedurende daardie tyd. Dan sluit hy af met die beantwoording van 'n paar vrae wat vroue gewoonlik wil weet na die geboorte.

Dr. M. Leeflang, skryf in die boekie *„Wat maak ek voor die dokter kom?"* (H.A.U.M. Kaapstad/Pretoria) oor die behandeling van skok, besmetting, brandwonde, pyn, vergiftiging, slangbyt en ander onderwerpe. Dit is mooi helder uiteengesit vir die leek. So dikwels gebeur dit dat mense in geval van nood die verkeerde behandeling toepas en sodoende, in plaas van die pasiënt te help sy kanse eerder verswak. Daarom is 'n boekie soos hierdie beslis baie welkom en almal behoort so een te besit.

* * *

„Hoe leer ek my kind gehoorsaamheid?" (H.A.U.M. Kaapstad/Pretoria). Dit is stellig 'n probleem wat elke ouer baie na aan die hart staan. Dit vereis soveel takt en sielkundige insig in die ontwikkeling van die kind, dat dit die moeite werd is om tyd en aandag daaraan te bestee. In hierdie boekie van Evryl E. Fisher, word die kind se ontwikkeling op die verskillende ouderdomme getoon. Die skrywer toon aan wat die kind byvoordeeld op sewe-jarige leeftyd kan begryp en wat hy op elf-jarige leeftyd kan verwerk. Besonder interessant word die kind se verskillende reaksies gedurende verskillende leeftye uiteengesit. Daar word aangetoon hoe sy verstandelike vermoëns geleidelik ontwikkel, en hoe hy leer om onafhanklik van ander te word. Elke moeder wat nie raad met 'n „stout" kind weet nie, sal hierdie boekie verwelkom.

S. HERBST

Korrespondensie

MISVERSTANDE OOR DIE TRANSVAALSE VOLKSLIED

Geagte Redaksie, — Dit mag wel as 'n merkwaardigheid beskou word dat daar tagtig jaar na die ontstaan van 'n Volkslied wat jare lank tot die populêrste van die wêreld behoort het, nog misverstande oor die outeurskap bestaan: „Kent gij dat volk?" Ons dink hier aan die laaste (die allerlaaste?) misverstand waaroor Die Togryer in sy rubriek „By die Uitspanning" in *Die Transvaler* van 23.4.1955 vertel. Hoewel daar van die staanspoor uit vrywel nooit die minste twyfel oor die teksdigteres bestaan het nie (alleen word F. W. Reitz in 1901 een keer as die digter genoem), het die komponiste, die Nederlandse dame Catharina Felicia van Rees (1831-1915), pas 37 jaar na die offisiële ingebruikneming erkenning as sodanig gekry sonder dat daarmee egter die twyfel vir goed verdwyn het.

Die man wat vermoedelik die verwarring gestig het, was die skrywer van die boek *Transvaalse Herinneringe* (1897), die vroeëre staatsprokureur van Transvaal, dr. E. J. P. Jorissen (1830-1912). Op die meermale gewraakte bladsy 5 erken hy dat „de schoone woorden" van die

Transvaalse Volkslied van Cath. van Rees was, maar dan noem hy die Nederlandse komponis, Richard Hol (1825-1904), as die komponis van „de aangrijpende melodie." Toe dr. N. Mansvelt vyf jaar later oor die lied skryf, het hy die vergissing van dr. Jorissen sonder enige kommentaar oorgeneem. Later egter, by die voorbereiding van die uitgawe van sy *Hollands-Afrikaanse Liederbundel* (1907), het hy darem begin twyfel. Hy het 'n gedrukte eksemplaar van die Volkslied (sonder vermelding van die uitgewery) in sy besit gehad, waarop geen teksdigteres of komponiste genoem word nie. Dr. Mansvelt het toe self bo die lied geskrywe: „Woorden van Catharina F. van Rees," waarby die onduidelike „F." nog weer oorsaak sou wees dat die drukker dit vir 'n „I." sou aansien, met die noodlottige gevolg, dat die naam van die digteres sowel in die Mansvelt-bundel as in latere publikasies (selfs in die herdruk van mej. Joan van Niekerk van 1927) as „Cath. I. van Rees" afgedruk word.

Die bogenoemde twyfel van dr. Mansvelt kom tot uitdrukking in wat hy regs-bo sy Volksliedeksemplaar op die plek van die komponis neergeskryf het: „?Muziek van Richard Holl?" En só word dit in 1917 nog oorgeneem deur die Werda-Sangkommissie in die versameling Volksliedere wat hierdie kommissie in Stellenbosch uitgegee het. Ook mej. Joan van Niekerk het tien jaar later nog Richard Holl met een vraagteken laat staan.

Die werklike komponiste was toe inmiddels al twaalf jaar daarvoor oorlede, egter met die sekerheid dat sy eendag algemeen as die werklike komponiste sou erken word. In 1912 het die Hoofbestuur van die Ned.-Zuid-Afrik. Ver. in Amsterdam die saak in hande geneem en eindelik kon dr. Mansvelt vasstel, dat Cath. van Rees die populêre Volkslied gekomponeer het. Die Argief van hierdie Vereniging besit 'n brief van mej. Van Rees (7 Jan. 1913), waarin sy aan dr. Mansvelt skryf: „Voor de mij betoonde belangstelling in zake het bewuste T. Volkslied, betuig ik het Hoofdbestuur der N.Z. Afrik. Vereeniging gaarne mijn erkentelijkheid. Inliggend portret zend ik op verzoek. Met Hoogachting Catharina F. van Rees."

In die maandblad *Hollandsch Zuid-Afrika* IV, nommer 9 van 15 Maart 1913, kan 'n mens 'n portret van Cath. van Rees vind by 'n tafeltjie, waarop die Volkslied lê. Dié eksemplaar van die Volkslied is die uitgawe wat deur die skryfster genoem word: „Transvaalsch Volkslied. Text en muziek van Catharina F. van Rees door den Volksraad in Pretoria als „Ons Volkslied" aangenomen in 1876. Eenige door de schrijfster geautoriseerde uitgave. B. Schott's Söhne Mainz no. 26729."

Behalwe hierdie stryd om die erkenning van haar outeurskap van die musiek, het mej. van Rees i.v.m. die inhoud van haar teks nog al teleurstelling ondervind. Die propaganda vir die lied as Volkslied het in Transvaal veral van die kant van die Hollandse onderwysers gekom, soos dr. Mansvelt verseker. Die ou mense self het die noodsaaklikheid van 'n dergelike lied nie ingesien nie. In *Oupa,* 'n beeld uit vergange jare, vertel Jochem van Bruggen, hoe 'n skoolinspekteur en Oupa „nogal heftig daaroor geredetwis" (het), „want Oupa

het niks van wêreldse liedere gehou nie, en wat moet 'n mens so spoggerig oor sy eie goed 'n liedjie sing." Nog in ons eeu word dit van Afrikaanse kant beskou as 'n „bezield, geesdriftig lied van een Nederlandsche, die vol bewondering is voor het heldhaftige Transvaalsche volk." In 1932 word vasgestel: „Het is in Nederland meer populair dan in Zuid-Afrika" en nog later wys ook dr. E. J. M. Conradie die lied as „Volkslied" af: „hoe simpatiek dit ook al mag wees, kon (dié lied) die kern van die Afrikaner hart as geheel nie raak nie."

Daarby kom nog, dat dit van die staanspoor uit 'n gedugte Afrikaanse mededinger gehad het in *Di Fiirkleur* van ds. S. J. du Toit (met die bekende wysie van J. S. de Villiers), sodat by die besoek van die Transvaalse deputasie aan Nederland op 26 Des. 1883 op advies van President Kruger *Die Vierkleur* as offisiële ontvangslied gespeel is.

Tog het die komponiste Cath. van Rees ook veel vreugde en voldoening belewe aan die lied wat sy op versoek van haar ou vriend uit haar Utrechtse jare, President Burgers, gekomponeer het. (Oor die ontstaan daarvan het prof. dr. S. P. Engelbrecht in sy biografie van Pres. Burgers en in *Die Nuwe Brandwag* uitvoerig geskrywe). Terwyl haar uitgebreide literêre oeuvre miskien alleen by naam bekend sal bly deur die onbarmhartige spot van L. van Deysel en daar van haar ander musiekwerke geen noot meer gespeel of gesing word nie, was dit juis die *Transvaalse Volkslied* wat haar partymaal in Europa 'n groot glorie verskaf het. So bv. by die begin van die Tweede Vryheidsoorlog, toe sy in die Duitse stad Darmstadt gewoon het. Sy was daar die middelpunt van geesdriftige ovasies.

Ook in Suid-Afrika het veral die wysie bekend gebly. Die gebruik daarvan vir ander liedtekste, ook Engelse, waarvan Die Togryer van *Die Transvaler* nog weer 'n voorbeeld gee, is daarvan die bewys (vir meer voorbeelde verwys ek na my boek *Musiek in Suid-Afrika,* bls. 57). Stephen Eyssen sluit sy groot koorwerk *Ons Boerwording* af met die wysie van Cath. van Rees op nuwe woorde van dr. Jan H. Pienaar.

Maar die merkwaardigste is seker wel die ervaring wat die Amsterdamse joernalis Piet Bakker in 1948 gehad het. By sy besoek aan 'n skool op Nederlands-Nieu-Guinee het die Papoea-kinders uit volle bors die ou lied van Cath. F. van Rees gesing:

„Kent gij dat volk vol heldenmoed
En toch zoo lang geknecht."

JAN BOUWS

A.P.B.

Maak u keuse: VAN RIJN
kurk in wynrooi, ongekurk in olyfgroen en filter in roomkleurige verpakking.

Welke ander sigaret u ookal mag rook, weet ons dat u meer genot uit Rembrandt VAN RIJN sal kry. Dit bied u dieselfde Room van die Oes as Rembrandt — net meer daarvan. Dit is gemaak vir diegene wat liewer rook vir genot as uit bloot gewoonte.

Rembrandt VAN RIJN

In Dosies: Filter 1/9 vir 20, Kurk en Ongekurk 1/9 vir 20, 3/11 vir 50.